

ZA 05/68

1962/39

Pretoriana



*Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria
Verskyn in April, Augustus en Desember.*

— o —


*Magazine of the Old Pretoria Association
Published in April, August and December.*

Prys : 20c : Price.



MNR. EN MEV. GERARD RISSIK

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



(G. RISSIK)

PENNINGMEESTER VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
en
PRESIDENT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

NAMENS ons Genootskap is dit vir my 'n besondere eer en voorreg om ons penningmeester, mnr. Gerard Rissik, van harte geluk te wens met sy onlangse welverdiende benoeming tot president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Vir ons Genootskap verskaf dit groot voldoening dat een van ons gesiene lede die hoogste sport in die bankwese van ons land bereik het.

Met trots dink ons daaraan dat mnr. Gerard Rissik nie alleen een van die eerste en aktiewe lede van die Genootskap Oud-Pretoria is nie, maar dat die familie Rissik alreeds vir drie geslagte prominente inwoners van Pretoria is. Net soos in die geval van 'n hele aantal ou vooraanstaande Pretoriase families, het ook die stamvader van die Rissik-geslag in Suid-Afrika, byna 'n eeu gelede vanuit Nederland hierheen verhuis. Dit is algemeen bekend dat lede van die Rissik-familie op verskillende terreine voortreflike dienste aan die ou Zuid-Afrikaansche Republiek en die staatsbestuur wat daarna gekom het, gelewer het.

Die naam Rissik is by ons in Pretoria en ook in Transvaal alom bekend en die naam is alreeds verbind aan strate, stasie-, skoolkoshuis- en poskantoorgeboue en selfs ook aan 'n parlementêre en provinsiale kiesafdeling in Pretoria. Ons penningmeester se bevordering tot president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank sal die naam Rissik nou ook ver buite die grense van Pretoria en Transvaal bekend maak.

Gerard Rissik het sy onderwys in Pretoria ontvang en ook sy loopbaan hier begin. Sodoende was hy bevoorreg om reeds op jeugdige leeftyd onder bekende bankiers soos Postmus en Dommissie te werk.

Gerard Risik is nie alleen 'n eersterange finansier nie maar hy is ook 'n kultuurmens met 'n diepgaande kennis en opregte belangstelling in ons kultuurgeskiedenis en kulturele prestasies. Dit besef elke besoeker aan sy huis en kantoor. Dáár heers 'n besondere atmosfeer. In sy kantoor pryk die werke van Suid-Afrikaanse skilders en beeldhouers terwyl die Reserwebank 'n pragversameling Suid-Afrikaanse munte besit. Voorbeelde van ons vroegste munte is aan die deure van die Reserwebank in Port Elizabeth te sien terwyl afbeeldings van ons land se stigter en van V.O.I.C.-skepe op ons banknote pryk en in mosaïek op die vloer van die bank vasgelê is. Hy bewaar die mooie uit ons verlede en waar moontlik laat hy dit op smaakvolle wyse herlewe. Ons waardeer die piëteit waarmee hy ons geskiedenis bejeën en ons wil hom daarvoor baie hartlik bedank.

Op die Genootskap se laaste jaarvergadering is mnr. Gerard Rissik vir die tiende agtereenvolgende keer eenparig en met akklamasie tot penningmeester herkies. In die afgelope tien jaar het hy al meer as een keer ons Genootskap op gulle wyse daadwerklik bygestaan en uit sy eie fondse—nie uit dié oorvloed van die Reserwebank nie!—ons uit 'n geldelike penarie gered! Sy opregte belangstelling in ons doelstellings, publikasies, vergaderings en ander aktiwiteite, word deur elke lid van ons Genootskap ten seerste waardeer. Die Genootskap Oud-Pretoria geniet dan ook die besondere voorreg en unieke onderskeiding om een van die weinige kultuurorganisasies in die wêreld te wees—indien nie die enigste nie—wat 'n president van 'n Reserwebank of 'n land se hoofbankier as penningmeester te hê en te behou. Hy vervul sy nederige plig om die geldsake van ons Genootskap te behartig, op 'n getroue wyse en ons vertrou dat die toestand van ons kas hom in die toekoms nie te veel hoofbrekens sal besorg nie!

Ons wil ook vir mev. Rissik baie hartlik gelukwens. Sy is 'n afstameling van die welbekende Meltzer-familie van Pretoria. Ons waardeer ook haar belangstelling in die aktiwiteite van ons Genootskap, veral die baie kere toe sy keurige eetgeregte vir ons vergaderings help voorsien en ook bedien het. Ons spreek die hoop uit dat sy en haar eggenoot, temidde van drukke werksaamhede en ander dringende afsprake, tog nog dikwels in dié toekoms geleentheid en tyd sal vind om ons jaarvergaderings met hulle teenwoordigheid te vereer.

Vir my, wat die besondere voorreg gehad het om albei ons vriende, vir so baie jare intiem te geken het, is dit dan ook 'n eer en 'n aangename taak om namens die Genootskap Oud-Pretoria vir mnr. Gerard Rissik hartlik geluk te wens met die hoë onderskeiding wat hom te beurt geval het en om hom en sy gesin terselfdertyd alle seën en voorspoed toe te wens in die belangrike en verantwoordelike pos wat hy vanaf 1 Julie 1962 beklee. Daarby wil die Genootskap ook baie dankie sê vir mnr. Rissik se tien jaar lange getroue behartiging van die penningmeesterskap. Dit was ongetwyfeld een van die dinge wat aan ons Genootskap in Pretoria 'n besondere status gee het, en nou nog gee.—W. PUNT.




Foto: „Die Volksblad”, Bftn.

Mr. GERARD RISSIK
with a specimen of his famous signature

Ons hartelike dank aan „The Pretoria News” vir die beskikbaarstelling van die foto van mnr. Rissik se beroemde handtekening. Met die vriendelike medewerking van dr. Jan Ploeger hoop die Redakteur om in die volgende uitgawe van „Pretoriana” (April 1963) ’n aantal artikels oor die afkoms van die Rissik-familie en hulle bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis te plaas.—*Die Redakteur.*

RISSIK WORKED HIS WAY UP FROM HUMBLE POSTS

THE loss to the South African Reserve Bank through the retirement in June of its internationally known Governor, Dr. Michiel Hendrik de Kock, is tempered by the appointment of Mr. Gerard Rissik to succeed Dr. de Kock in that high post, writes the Pretoria representative of The Star, 23/3/1962.

Mr. Rissik is not only an experienced and much-respected banking expert; he is one of the best-liked individuals in the wide circle in which he moves in Pretoria.

He and his wife Alice, who does a lot of work for child welfare, are a popular couple, unpretentious and lead a happy family life.

Mr. Rissik joined the bank in 1923, two years after its establishment. Unlike Dr. de Kock, who as a young man of 34 left the Board of Trade to become Deputy-Governor in 1932, Mr. Rissik has worked his way up from humble positions in the Reserve Bank’s service.

SPECIAL TASKS

He was appointed to the responsible post of Secretary and Chief Accountant in 1943, and to the chief administrative post of Chief Cashier in 1954.

The wide range of his abilities had now become so manifest that he was increasingly called on to carry out special tasks which the extended work of the Reserve Bank brought about.

His work became so onerous that the bank created a new post for him in 1958 of executive assistant, which was followed later by his appointment to deputy-governor.

Although not a robust man, and with a serious childhood affliction which left him with a limp, his indomitable spirit and amiable disposition never allowed such considerations to flag his energies, either business, social, or sporting.

Mr. Rissik has been a prominent member of the Old Pretoria Society since its founding in 1948 and he has rendered valuable services as Treasurer during the past ten years. (Editor, “Pretoriana”).

UIT DIE BRIEWE VAN ARNOLD THEILER, VI.

(Vervolg van Nrs. 32 en 33, April—Augustus, 1960)

BAIIE opvallend en enigszins verbysterend is die wending wat Theiler se politieke sienswyse na die val van Pretoria ondergaan het. Eintlik het dit al begin na sy terugkeer van die Natalse front. Waar hy eers vol lof was vir die Boere se krygsvernuif en dapperheid, het die ordelose terugtrek van die Tugela-front hom met verbasing vervul en hom laat soek na 'n psigologiese verklaring. Maar veral na hy persoonlik die terugtog voor die massas van lord Roberts, vanaf die Renosterrivier tot Pretoria, meegemaak het, het hy 'n ander dunk van die Boere gekry. Sy opmerkings teenoor hulle word enigszins smalend; sy bejeëning teenoor die Britte steeds meer en meer simpatiegesind.

Dit het verbasing gewek by die lesers van sy briewe in Switserland; sy briewe het daar in die *Schweizer Freie Presse* verskyn en is ook deur verskeie Duitse blaaië oorgeneem. Ook daar het die publiek, wat baie pro-Boersgesind was, die verandering van siening nie goed kon verwerk nie. Miskien moet mens die omswaai verklaar uit sy persoonlike teleurstelling en die onsekerheid wat die gang van sake vir homself ingehou het. Miskien kom dit voort uit 'n bewuste poging om die Britse sensore te oortuig van sy goeie gesindheid sodat hy onder die nuwe bewind weer in die geleentheid gestel kon word om met sy werk voort te gaan. Sy werk het immers by hom die meeste getel. Mens moet onthou dat sy hele beskrywing van die terugtog uit die Vrystaat geskryf is nadat Pretoria ingeneem is, en dit moes noodwendig eers deur die Britse sensor gekeur gewees het.

Hoe ook al, die beeld wat hy ons skilder van die periode van insinking en moedverloor onder die Boere is allersins belangwekkend.

Terug uit Natal teen die einde van Maart 1900, kon hy darem weer etlike weke met sy gesin saamlewe en sy gewone werksaamhede probeer herorganiseer. Maar op 13 Mei is hy weer na die front, weer saam met die Artillerie onder bevel van majoor Wolmarans; hierdie keer na die suidelike front waar lord Roberts besig was om met sy oormag aan te marsjeer. Veel word verwag van 'n longtom wat nou op 'n spoorwegwa geplaas is. Maar soos later geblyk het kon hy nie veel teen so 'n wye front uitrig nie, hoewel sy gebulder nog indrukwekkend genoeg was en hy 'n hele paar waens laat agteruitsteier het wanneer 'n skoot gevuur word.

Theiler en sy geselskap gaan eers sover as Vereeniging, waar genl. Schalk Burger in bevel van die dorp was en sy bes doen om die moederverlore burgers na die front te laat terugkeer. Die burgers verwyt mekaar oor en weer; daar is geen werklike wil tot weerstand meer nie. Met sy Switserse vriende probeer Theiler die tyd so aangenaam moontlik te verdryf. Hulle opgewekte liedere trek die aandag en kontrasteer vreemd met

die psalms van die Boere, „so eentoning dat mens daar koud van word.”

Eindelik vertrek hulle na Koppies waar genl. Louis Botha sy hoofkwartier gehad het en waar 'n verdedigingslinie al met die loop van die Renosterrivier twee uur te perd links en regs van die spoorlyn opgestel is — uitstekende stellings: die vyand sou oor groot afstand gesien kon word. Maar terwyl hulle lord Roberts nog in Kroonstad waan, kom eers die berig dat Lindley ingeneem is en toe weer Vredefort. „Dit was 'n Maandagmore. Ek lê in my tent met 'n verkoue onder 'n warm kombors toe die bevel kom om terug te val na Vereeniging. Eers kon ek dit nie glo nie.” So het dit telkens gegaan. Wye flank- en omtrekbewegings van die vyand het die Boere telkens genoodsaak om terug te val sonder dat daar een keer behoorlik slag gelewer is. In geselskap van genls. Botha en Burger keer hulle per trein terug na Vereeniging; groot stofwolke aan weerskante van die spoor getuig van die massale terugval.

In Vereeniging was dit 'n kom en gaan „soos op 'n markdag”. Orals word klagtes gehoor. Die manskappe verwyt hulle offisiere vir die slegte gang van sake; die offisiere beskuldig weer hulle manskappe dat hulle nêrens wil vasstaan nie en vlug wanneer die eerste skote val. Binne die kring van vreemde vrywilligers waarin Theiler beweeg, is dit vanselfsprekend dat daar baie skamper opmerkings gemaak word oor die „dapperheid van die Boere”. Telkens word krygsraad gehou in Botha se hoofkwartier. Een dag word besluit om die Vaalrivierlinie te verdedig. „Daar word besluit om op die walle van die Vaal te sterwe; geen Engelsman sal voet op Transvaalse bodem plaas solank daar aan dié rivier nog een Boer asemhaal nie” — en dan is daar weer 'n vlag van hoop — maar 'n paar dae later blyk die „plan” weer onprakties te wees en kom die bevel om terug te val maar weer.

So was die toestand volgens Theiler se beskrywing. 'n Mens moet egter nie uit die oog verloor dat hy nie toegang tot die beraadslagings gehad het nie en ook dat hy op hierdie stadium beslis bevooroordeel was. Waarskynlik was die werklike gang van sake anders.

Ook val dit moeilik om te glo dat die skielike verskyning van die Engelse by Vereeniging werklik so 'n verrassing was soos hy dit voorstel. Volgens hom was die verkenningdiens nie op peil nie; telkens word smalende aanmerkings oor Danie Theron se verkennerkorps gemaak. Soos hy dit vertel het hy een oggend skaars per telefoon aan iemand in Pretoria meegedeel dat daar nie 'n Engelsman in die omgewing te beken is nie, of hy hoor bomme val en verneem dat die vyand by die rivier opgedaag het. Self sien hy hoe die brug oor die rivier, ongeveer 'n halwe kilometer van hom af, met 'n geweldige ontploffing vernietig word. Daar is besluiteloosheid terwyl die krygsraad besig was om weereens 'n „plan” te beraam. Elkeen hou sy perd opgesaal, gereed vir gebeurlikhede, en toe die bomme tussen hulle begin val, het elkeen maar vir homself 'n „plan” gemaak en gemaak dat hy wegkom.

Weer is dit 'n massale terugtog — tot by Kliprivier waar voorlopig

halt gemaak word. Die nagte word koud. So ver hulle gaan steek die Boere die veld aan die brand. Dit lewer 'n fantastiese gesig van vlamme en rook so ver 'n mens kan sien. „So het ons darem ook vuur by die karnaval wat ons speel”, merk een Switser op.

Die volgende dag is dit Sondag, bitter koud die oggend daar aan die Kliprivier. „'n Mens kan hoor dat dit Sondag is want orals is klompies-klompies Boere besig om hulle psalms aan te hef.” Maar spoedig daarna begin weer die klagtes en verwyte. Daar is 'n gerug dat die generaals weer gaan krygsraad hou en inderdaad sien mens hulle bymekaar kom — maar hierdie keer was dit net om 'n portret te laat neem. „'n Mens kan lag as dit nie vir die droewige werklikheid was nie.” Kanon- en geweervuur regs agter 'n berg versteur weer die vrede, maar hulle self word met rus gelaat. „Die Sondag kom tot 'n einde. Dit was die koudste nag van die hele veldtog. Ryp lê vingerdik op komberse en saals; ons het soos sondaars gebewe van die koue toe om vyfuur weer die bevel kom om terug te val.”

Theiler kry bevel om die wa van genl. Botha te volg, terwyl die Artillerie opdrag kry om die opmars van die vyand se regterflank wat op Johannesburg afpeil, te probeer stuit. Dit bring hom by Elandsfontein vanwaar hy 'n besoek aan Johannesburg bring terwyl sy wa met benodigdhede na Pretoria gaan. „Paniek heers in Johannesburg. Die Engelse word nog dieselfde dag verwag.” Die winkels wil nie meer die „goedvoors” van die regering aaneem nie. Hulle het egter nog geld om mee te koop. Sy perd is kruppel en dit noodsaak hom om die nag en die volgende dag in Johannesburg te vertoef. Vroeg die oggend van 22 Mei verneem hy dat Elandsfontein in die hande van die vyand geval het en kon reeds kanonne links en regs van die stad gehoor word. Dit verhinder hom nie om die dag gesellig met sy Switserse landgenote deur te bring nie. Die onveilige en onsekere situasie lei tot 'n hartlike verbroedering en beloftes om mekaar getrou by te staan.

Toe Theiler die oggend van 24 Mei Johannesburg verlaat, trek die Britse leër reeds die stad van die weste binne. Die middag om vyfuur bereik hy Pretoria en verras sy vrou wat alreeds gedink het dat hy in die hande van die vyand geval het. „In Pretoria hoor ons interessante nuus: die regering het met groot haas gevlug maar het nie vergeet om die goud ter waarde van £2½ miljoen saam te neem nie. Maar hulle het wel vergeet om hulle werknemers te betaal . . . Die tjeks is wel uitgemaak en sommige is reeds oorhandig, maar wanneer dit by die Nasionale Bank getoon word, word betaling geweier omdat die regering met die geld weg is.”

Op Donderdag, 31 Mei 1900, heers daar volkome wetteloosheid in Pretoria. Die Engelse kon elke oomblik aankom en alles het buite beheer geraak. Reeds vroeg het mense die goewermentstore bestorm en hulle self gehelp aan die voorrade aldaar. Dit was 'n oomblik om psigologiese studies te maak. Die wat die meeste het, en die grootste waens, het die meeste gevat. Die armes het die slegste daarvan afgekom; hulle kon alleen soveel neem as wat hulle kon dra. Die rooflus werk aansteeklik. Elkeen

wat hande het, het maar geneem en weer terug gekom en weer geneem: mans, vrouens, kinders, inboorlinge, hottentotte, dames en here. Vrouens het in hiënas verander; hebsug straal uit hulle oë; menslike waardigheid was verlore.

Teen eenuur kom daar skielik 'n gerug dat die Engelse daar is. Die burgers maak dat hulle wegkom terwyl 'n menigte natuurlike, hottentotte en ander nuuskieriges na die plek stroom waar die Kakies veronderstel word om die dorp binne te kom. Maar dit was 'n vals alarm. Eers die aand is daar 'n mate van orde herstel. Soos elkeen, gaan Theiler die aand huis toe vasberade om sy besittinge te beskerm. Die volgende dag is perde-diefstal aan die orde van die dag. 'n Proklamasie van genl. Botha dat persoonlike eiendom respekteer moet word, het slegs papier gebly. Pretoria het nog 'n aantal goeie perde gehad. Hulle word nou eenvoudig geneem, met of sonder die eienaar se toestemming, wettig of onwettig. In die eerste geval kry die eienaar 'n bewys; in die tweede miskien 'n pak slae, of ten minste 'n dreigement. Ten spyte van 'n bewys van maj. Wolmarans om sy perde te mag behou, het Theiler ook die uiterste moeite om te verhoed dat hulle weggeneem word.

Belangwekkend is die beskrywing van die inname van Pretoria. „Maandag, 4 Junie, dit is Pinkstermaandag, soek ek die majoor vir die laaste keer op en vra hom een van sy waens om gereed te wees om uit te trek. Hy belowe my dit indien ek die volgende dag terugkom. Reeds word die geluid van kanonne op 'n afstand gehoor. Ek gaan huis toe, laat my perd opsaal en hou my gereed om te vertrek so gou ek die bevel kry. Ek kry geen bevel nie en bly dus tuis. Ek besluit om die verdere verwikkelinge in Pretoria af te wag en my laboratorium aan die Engelse te oorhandig wanneer hulle kom.”

Vanaf sy huis by Daspoort het Theiler 'n onbelemmerde uitsig op die rantereeks ten suide van Pretoria en kon goed volg wat aangaan. Die Boere het daar posisie ingeneem, ook om die forte op Skanskop en Klapperkop te verdedig. Daar begin die eerste bomme val. Daarna verskuif die bombardement meer na regs en word veral lewendig in die buurt van Kwaggaspoort. Die klein wolkies van die skrapnel en die swaar stofkolomme van die bomme vorm hier 'n krans om die koppie. Teen die middag word die forte weer gebombardeer. Van sy huis kon hy en sy familie feitlik elke bom sien val. Die bomme val ook taamlik naby die dorp ten suide en ten ooste daarvan, maar dit was duidelik dat die Engelse nie op die dorp self mik nie.

„Teen vieruur val die Boere op die regterflank terug met so 'n haas soos ek nog nie gesien het nie”. Hulle trek by sy laboratorium verby deur Daspoort. Eers teen die aand het die Engelse kanonne hulle projektele oor die randjies begin skiet. „Die een wat die naaste aan ons geval het, was een kilometer weg.” So het die Theilergesin net met die skrik daarvan afgekom: vir die jong kinders was dit egter 'n prettige ondervinding.

Die slag om Pretoria was dus nie baie bloedig nie, volgens wat hy

verneem was daar slegs een gesneuwelde aan Engelse kant en nie een aan die kant van die Boere nie. „Daar is ’n spreekwoord wat vertel hoe ’n mens ’n ou soldaat kan word. Sedert die terugtog van Renosterrivier af, het ek nooit van verliese van die Boere gehoor nie. Dit skyn my die ramp van die oorlog vir Transvaal te wees; die Boere is bereid om vir hulle land te *lewe*.” Na die dag van bombardemente volg ’n merkwaardige stil nag. Die burgers het uitgetrek maar die Engelse skyn geen haas te hê om binne te trek nie.

Dinsdag 5 Junie om 8.15 vm. gaan die eerste Kakies hulle huis verby en verneem die pad na die dorp. Kort hierna gaan die ballon weer op wat die vorige dag telkens oor die bergtoppe geloer het; blykbaar vind hy hierdie keer alles in orde. Nie lank daarna nie begin swart massas die berge af te trek na die water toe. Teen die middag trek troepe by hulle huis verby om in die onmiddellike nabyheid van die dorp kamp op te slaan. Alle amptenare en manne in uniform kry huisarres maar is na ’n paar dae weer op parool vrygelaat. „Voor Oom Paul se huis, waar tante Kruger agter gebly het, is ’n wag geplaas en ek wonder wat sy van hom dink. Dis snaaks om nou ’n kakiefiguur te sien waar die onvermydelike Zarp altyd gestaan het.”

Teen twee-uur sou die intog in die stad begin en die Britse vlag bo die goewermentsgebou gehys word. ’n Hele menigte het daar vergader. Op die vasgestelde uur neem lord Roberts, met lord Kitchener aan sy linkersy, posisie teenoor die gebou in. ’n Mars word met fluite en tromme gespeel. Die wag presenteer geweer — en langsaam styg die Engelse vlag bo die goewermentsgebou vergesel van hoerageroep deur die soldate. Ten slotte word „God save the Queen” gesing. Die bevolking het passief staan en toekyk. Alleen in een hoek waar die Engelse offisiere staan wat uit krygsgevangeneskap bevry is, was die geesdrif geweldig toe die Union Jack opstyg. „Ons, die paar Switsers, staan bymekaar asof ons ’n begrafnis bywoon. Daar voor ons oë gaan ’n republiek ten gronde en ons harte het saamgekramp.”

Die seremonie word gevolg deur die verbymarsjeer van die troepe. Vir drie uur lank beweeg die troepe-afdelings voor hulle opperbevelhebber verby. Hulle lyk moeg, die Kakies. Vir 400 myl het hulle vanaf die Oranjerivier gemarsjeer; hulle kom nou direk van die veld en het byna nooit in al die tyd kans gehad om van klere te verwissel nie. En tog marsjeer hulle flink verby. Die „Grenadier Guards” veral maak ’n goeie indruk; groot sterk figure. Daarop volg afwisselend infanterie, kavalerie, en artillerie, waarby die lang skeepskanonne, elkeen getrek deur 36 osse, veral indruk maak; ook ’n battery swaar Houwitsers en talle baterie veldartillerie en maxims. Dan kom die vrywilligerskorpse van Londen en die Skotse Hooglanders met hulle karakteristieke drag en doedelsakmusiek. Daarop volg ’n lang reeks transport- en tenslotte ’n groot menigte ambulanswaens. Dit was ’n kleurvolle optog en het ongetwyfeld die indruk gemaak wat lord Roberts wou gehad het. En nog was dit nie die hele

leër nie. 'n Paar dae later arriveer genl. French se kolonne deur Daspoort; ook dié neem drie uur om by die Theilers se huis verby te trek.

Die Britse troepe vind hy beleef en bereid om informasie te verskaf. Almal is die oorlog siek en sat. Vir die volgende paar dae wemel Pretoria van die soldate, hoewel weinig van hulle in die dorp self ingekwartier is. Van die wat in die veld kampeer, kom sommige soms na Theiler se huis om eetware te koop. Aanvanklik was daar nie veel klagtes oor hulle gedrag nie maar later verander dit enigszins. Theiler self verloor sewe skape wat voor die oë van sy skaapwagter afgeslag word. Vir vuurmaakhout word heinings en leegstaande huise gestroop. Volgens Roberts se proklamasie moes alle wapens ingehandig word. En die „vurigste boere” wat natuurlik ook nie gaan veg het nie, was die eerste om hulle gewere in te handig. Ook hy het syne en die van die Switserse skietvereniging, „Alpina”, ingehandig: „weer het ons amper so verdrietig gevoel soos by 'n begrafnis.” Dag na dag word nuwe verordeninge uitgevaardig. „Al is ons persoonlike vryheid nie veel aan bande gelê nie, voel 'n mens tog soos 'n voël in 'n hok.”

Hiermee eindig die laaste lang brief wat Theiler aan sy ouers in Switserland geskryf het. Die briewe wat hierop volg is korter maar gee tog hier en daar 'n kykie in die lewe van die besette Pretoria.

Opvallend is die feit dat hy sy veranderde siening op die Boere hierna telkens verdedig, waarskynlik na aanleiding van antwoorde wat hy op sy briewe ontvang het. „Ek het hier en daar miskien 'n bietjie skerp oordeel gevel, maar as die verdediger van 'n regverdige saak en 'n groot beginsel mag ek kritiek uitspreek. Ek mag myself loof dat ek sedert die uitbreek van die oorlog steeds waarheidsgetroue beskrywings gegee het,” so skryf hy op 28 Junie 1900. Hy was op daardie stadium sonder verdienste; die „Regering” skuld hom nog £200. Die toekoms is duister en hy waag dit soms nie om daaraan te dink nie.

Die volgende brief, van 29 Julie 1900, is weer opgewek. Nou lyk die toekoms vir hom „miskien helderder as ooit”. Die Engelse behandel hom „soos 'n gentleman”. Hy kom met verskeie hoë offisiere in aanraking, ook met manne van die wetenskap; en die wetenskap is internasionaal. Hy het 'n gesprek met genl. Maxwell gehad en hoop om gou die laboratorium weer in volle gang te kry. Hy het spoedig in Britse diens getree en voortgegaan met sy veeartsenykundige werk. In die volgende brief vertel hy opgewek van die verbeteringe wat die Engelse in die toestand gebring het hoewel sy salaris nog nie so hoog is as wat dit voorheen was nie. Sy laboratorium het al hoë besoek gehad: Prins Francis von Teck, genl. Maxwell, genl. Baden-Powell, genl. Tucker; Engelse bakterioloë stel veral belang.

Meer en meer gaan Theiler weer in sy werk op en lyk dit asof die oorlog hom verbygaan. Op 25 Oktober lui dit: „Ons kry min goeie vleis. Oor die oorlog weet ek niks nie.” En op 22 November weer: „Die oorlog is verby en tog nie. Die Boere hoop op 'n wonderwerk — maar die land verarm.”

Hulle Kersboom was daardie jaar 'n doringboom. Hy geniet die vertroue van die Goewerneur; tog is hy „Südafrika herzlich satt”. Op 10 Jan. 1901 skryf hy: „Die guerillastryd duur voort. Daar sal nog baie sterf. Ek is oortuig dat die Engelse die land goed sal bestuur en die Boere ook.” En op 24 Jan. 1901: „Ek is tans 'n Britse onderdaan en as sodanig treur ek vandag oor die dood van die koningin.” 'n Soet druppel is 'n berig uit Switserland dat hy aldaar 'n doktorsgraad gekry het op sy dissertasie: „Die Malaria des Pferdes”. Telkens twyfel hy of hy in Suid-Afrika moet bly. Soms is die vooruitsigte goed; dan weer onseker.

Op 11 April 1901 is sy oordeel dat die oorlog ten einde loop. „Nog net rowende en plunderende bendes maak die land onveilig. Die lewe met sy onsekerhede, sorg, die donker spook van die toekoms, die verveling, die gebonde wees aan een plek, dra daartoe by om die lewe swaar te maak. Net werk bring verligting.” Gedurende Mei, Junie en Julie was hy na Basoetoland waar weer runderpes uitgebreek het. Dit het welkome afwyseling gebring — ook die onveilige treinreis daarheen en terug was weer bietjie avontuur. Daarna weer die teruggetrokke, eentonige lewe. Hulle mag na 10 nm. nie op straat wees nie en gaan slegs 2—3 maal per maand uit. Sy ondersoek na die oorsake van runderpes en perdesiekte duur egter voort.

Teen September daardie jaar lyk dit vir hom asof die oorlog werklik ten einde loop, maar teen Desember is sy mening dat dit nog 'n jaar kan aanhou. Die eindresultaat sal armoede wees. Hy meen dat die Engelse herhaalde kere aanneembare voorstelle gedoen het, „maar nou gaan dit voort tot die bitter einde”.

Op 5 Desember 1901 stuur Theiler nog sy nuwejaarswense en spreek sy kommer uit oor die siekte van sy vader waarvan hy verneem het. Min het hy geweet dat sy vader toe alreeds oorlede was. Eers op 21 Desember 1901 kry hy die berig en toe skryf hy sy laaste brief wat hier bewaar is, hierdie keer aan sy suster en swaer. Hy skryf van sy droefheid oor sy vader se dood „omdat ons mooi droom om mekaar weer te sien nou vernietig is”. Daarna breek die korrespondensie abrupt af. (Slot.)

F. J. DU T. SPIES.

(Obituary reprinted from “The Ostrich”, Vol. 7, No. 2, Dec., 1936.)

SIR ARNOLD THEILER

K.C.M.G.; D.Med.Vet., Berne; Hon. D.Sc. Cape and Syracuse;

D.Ph.; Berne; Hon. D.Vet.Sc. Univ. S. Afr.; etc.

SOUTH AFRICA has not only lost a great veterinary scientist, but also a keen lover and student of birds, in the lamented death of Sir Arnold

Theiler in London, on the 24th July, 1936. Born at Frick in Switzerland on the 26th March, 1867, Arnold Theiler was educated in Aarau, graduated in veterinary medicine in Berne and became qualified as a veterinary surgeon in Zürich in 1889. At an early age he developed a love of Nature and the biological sciences and attracted to South Africa by the accounts of early travellers, such as Sparrman and Le Valliant, he set his heart upon coming here and availed himself of the first opportunity to do so in 1891. He started practice as a veterinary surgeon and two years later was appointed consulting veterinary surgeon to the Rand Health Board in Johannesburg, during an emergency arising from an epidemic of smallpox. After two years of useful service in that capacity, he attracted the attention of President Kruger, who appointed him Veterinary Surgeon to the South African Republic and Veterinary Surgeon to the Staats Artillerie in Pretoria. In 1900 he was appointed Government Veterinary Bacteriologist, and thenceforward was able to carry on the research work for which he became so distinguished, and from which this country has benefitted so enormously.

His first laboratories were some iron shanties at Daspoort on the outskirts of the town, which were both unhealthy and unsuited to such important work; but, even so, he was able to accomplish much, and after seven years the genius of the man and the importance of his results were productive of the placing of a farm and suitable buildings at his disposal at Onderstepoort, eight miles north of Pretoria. Here he was able to do full justice to the faith placed in him by the Government and farming community, and the institution has grown enormously. It is today recognized as the finest veterinary research establishment in the British Empire. Not only has research of great importance in animal diseases been carried on at Onderstepoort, but practical aid has been also provided in the preparation of sera in great quantities for the use of stock farmers in preventing the spread of such diseases as anthrax. He had been associated with Dr. Koch during the period when rinderpest swept through the country and was an expert in the cure of diseases by inoculation, all classes of stock diseases being experimented upon. Amongst others, much was done to produce a serum for inoculation against "horse-sickness", which was successful up to a point, but still not perfected; and it is interesting to record that it remained for his son, Dr. Max Theiler, working in the Rockefeller Institute in America at a comparatively recent date, to produce a really perfect serum for this disease.

Even after Sir Arnold's retirement upon superannuation in 1918 his energetic nature did not permit of idleness, and after serving on a commission of enquiry relative to the influenza epidemic of that year, he set himself the task of discovering the cause of "lamsiekte" in cattle, which had puzzled veterinarians for many years. It was most prevalent in the dry west, and a laboratory had been erected at Armoedsvlakte near Vryburg for the sole purpose of dealing with this disease. Various possible sources

were investigated, but without success in tracing its origin. With all his time available now to study the disease, it was not long before he discovered its source, in a way that seems worth recording. It happened one day that a cow was brought to the laboratory with the skull of a small antelope wedged into the back of its mouth; this skull was removed and the cow turned out to graze again, apparently none the worse for it. The occurrence was not unusual, as cattle, and even large antelopes, often chew old bones; but in this case the cow developed symptoms of "lamsiekte" some time later, and Sir Arnold was quick to grasp the significance of the case, with the result that he soon discovered the germs of the disease were located in the dried fleshy tissues on the old bones. But what was even more important as a corollary was the experimental work then carried out upon the feeding of stock with sterilized bone-meal to make up for the phosphate deficiencies of the vegetation that caused the animals to chew old bones. Young stock especially benefitted enormously by this special feeding with bonemeal, and stock farming in the dry west became possible upon an increased and much more profitable basis. In subsequent tours of other continents, Sir Arnold found that the same disease, under various names, was prevalent in all dry areas where stock farming was attempted, and needless to say, those countries also benefitted by his discoveries.

In 1920 Sir Arnold was able to see another ambition fulfilled, in the establishment of a training centre for veterinary research workers and practitioners at Onderstepoort, in conjunction with the Pretoria University. In this connection he was appointed Director and Professor of Veterinary Research and Education and was Dean of the Faculty until 1927, when he retired to his home in Switzerland. At a later date he was able to render valuable advice to the Government of the Australian Commonwealth in improving the veterinary research establishment in that country. In 1936 he returned on a visit to South Africa, still displaying a keen interest in all biological subjects. He had always been interested in birds, having been a foundation member of the South African Ornithological Union as well as the Transvaal Biological Society — which subsequently amalgamated to form the South African Biological Society, of which he was a keen supporter. On many occasions I well remember how, when the monthly meetings of the Biological Society were being held and the attendance was small, as the result of stormy weather, nearly all the professional staff of the Onderstepoort Laboratory would be present, as Sir Arnold would provide official transport so that there would be no excuse for their non-attendance! His lively interest in the progress of all who were doing any class of biological work was always inspiring and encouraging. I may be forgiven here for placing on record, as a grateful tribute to his memory, that it was in great measure due to Sir Arnold's personal spirit of encouragement that I undertook specialized work upon birds and mammals and was able to carry on despite many discouragements from other quarters. I was often invited to accompany him and his guests from abroad

who were anxious to see and learn something about our birds, and as he had always protected birds at Onderstepoort there was always much to see there. During his last visit to Pretoria he often expressed a desire to see more done in the study of migratory birds, as he had been much impressed by the results obtained in recent years in Switzerland and wished us to follow the same lines. In that country the Government grants a subsidy to the Ornithological Society, and excursionists are given nets and other requirements to catch birds without injury for purposes of record. The birds are examined for rings, of which the numbers are recorded when present, and the others are ringed and recorded, and all of them freed again. Sir Arnold thought that if we followed similar methods we should not only be able to secure records of the same birds that migrated between the two hemispheres, but also secure data about the migration of others within the continent. In order to encourage this he enrolled as a member of our Society, and it is sad to think that he has so soon passed away without seeing anything accomplished in this direction. It is to be hoped, however, that the idea will be taken up and the work conducted upon the lines he suggested.

There is so much to record of his great achievements in biological research in South Africa, his many published papers and the numerous honours conferred upon Sir Arnold Theiler, that a full biography can alone do justice to them. In this short notice our desire has been rather to show that even in ornithology Sir Arnold's great personality, influence and inspiration have been apparent.

DR. AUSTIN ROBERTS.

DIE GESKIEDENIS VAN DIE VEEARTSENYKUNDIGE NAVORSINGSINSTITUUT OP ONDERSTEPSOORT

VOORORLOGSJARE.

Voor die benoeming van Arnold Theiler in 1893 deur die Zuid-Afrikaansche Republiek, was navorsing op die gebied van veeartsenykunde feitlik onbekend.

'n Paar veeartse is in Natal (Wiltshire, 1874) en die Kaapkolonie (Brandford, 1876; Hutcheon, 1880; Borthwick, 1889) aangestel maar dit was vir hierdie manne skaars moontlik om oplossings te vind vir slegs die geringste van die veeartsenykundige vraagstukke wat aan hulle kant opgedoem het. Hulle het uitstekende dienste gelewer nieteenstaande die feit dat hulle in die veld hulle werk moes verrig. Vanselfsprekend was navorsingswerk buite die kwessie.

Met die uitbreek van die runderpes in 1896 is daar te Vryburg 'n Inter-Koloniale Runderpestkongres gehou en die afgevaardigdes het voorgestel dat 'n navorsingslaboratorium opgerig word om runderpes te bestudeer en te beveg en sodoende voorbereid te wees teen enige verdere epidemie van die siekte. Die Republikeinse Regering het, na die suksesvolle stryd teen die runderpes, besluit om 'n klein laboratorium aan die gang te hou om navorsing te doen na ander siektes en het 'n klein som geld gestem om 'n laboratorium te bou op die dorpsgronde.

Daar het aan die noordekant van Daspoort, naby Pretoria, waar die nuwe markgebou nou opgerig word, 'n hout-en-sinkgebou gestaan wat opgerig was om beesvelle te ontsmet voordat dit uitgevoer word om sodoende die moontlikheid van 'n verdere epidemie van runderpes te voorkom. Die idee was dat hierdie gebou omskep sou word in 'n veertsenykundige navorsingslaboratorium deur die nodige veranderings aan te bring. Mnr. C. E. Schutte, die landdros, het die skema entoesiasies ondersteun en 'n nuwe driekamergebou, wat binne met bakstene uitgevoer is, is opgerig om te dien as 'n laboratorium en die hout-en-sinkgebou verander in 'n stal. Toerusting van die tydelike runderpesbuitestase is gebruik in die nuwe laboratorium en teen die middel van 1898 was dit gereed vir inbesitneming. Hierdie laboratorium was die regstreekse voorganger van die Veertsenykundige Navorsingsinstituut op Onderstepoort.

Die eintlike doel van die nuwe laboratorium was nie bereik nie omdat daar 'n uitbreking van kinderpokkies ontstaan het onder die natuurlike en groot hoeveelhede kalf-limf is geproduseer vir inenting teen die siekte. Die verklaring van oorlog in 1899 het enige verdere werk deur die Staatsveearts van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Arnold Theiler, in die veertsenykundige rigting tot stilstand gebring.

DIE VRYHEIDSOORLOG.

ARNOLD THEILER het by die Staatsartillerie aangesluit en saam met die Republikeinse magte geveg. Na die besetting van die grootste gedeelte van Transvaal deur die Britse magte het Arnold Theiler besef dat hy nie veel meer kan doen nie en het toe teruggekeer na Pretoria waar die Britse owerhede hom die betrekking van Staatsbakterioloog aangebied het. Runderpes het weer in 1901 in Basoetoland en in die Oranje Rivier Kolonie uitgebreek en op aanbeveling van die Regeringsmedikus van Transvaal, dr. George Turner, was die besluit geneem om weer op Daspoort 'n runderpesstase aan die gang te sit. Buiten die werk in verband met runderpes het talle ander probleme dr. Arnold Theiler se aandag geveer en so te sê alle veesiektes in Suid-Afrika het binne die bestek van sy navorsing geval. Sy werk is met merkwaardige welslae bekroon.

NA-OORLOGSJARE.

'N **G**ROOT aantal nuwe soorte parasiete is ontdek en baie duistere vraagstukke opgelos. In die loop van hierdie jare het sy publikasies

die vorm van jaarverslae van die Veeartsenykundige Staatsbakterioloog van Transvaal aangeneem. Tussen die jare 1903 en 1910 is sewe sulke verslae uitgegee en hulle bly vandag nog klassieke naslaanwerke.

Die laboratorium op Daspoort het teen 1905 aange groei tot 'n versameling geboue, almal van 'n tydelike aard en meeste van hulle nie geskik vir wetenskaplike werk nie.

'n Belangrike verandering het ook met verloop van tyd ingetree wat betref die administrasie van die laboratorium. Tot en met die einde van die oorlog in 1902 was beide die laboratorium en die runderpesstasie 'n onderdeel van die Publieke Gesondheidsdepartement. Met die totstandkoming van die Departement van Landbou, onder die direksie van mnr. F. B. Smith, egter, was hulle oorgedra na hierdie Departement. Die gevolg was dat waar die laboratorium voorheen min ondersteuning gehad het, dit nou georganiseer was as die Veeartsenykundige Bakteriologiese Afdeling van die Departement van Landbou. Van hierdie tyd af is daar progressief te werk gegaan.

Die produksie van runderpesserserum is in 1903 gestaak toe dit beskou was dat die land nou vry van hierdie siekte was. Verder was dit nie raadzaam om besmette beeste aan te hou nie weens die moontlikheid van 'n verdere uitbreking in die onmiddellike nabyheid van die laboratorium.

In die tussentyd het siektes soos Ooskuskoors hul verskyning in Transvaal gemaak as gevolg van die onbeheerde invoer van vee gedurende en na die oorlog, maar die feit bly staan dat 'n navorsingslaboratorium bestaan het, en die verspreiding van hierdie siektes is voorkom.

'n Baie belangrike mylpaal is ook in 1905 bereik toe perdesiekte, daardie siekte eie aan Suid-Afrika, voorkom kon word deur inenting van serum, berei as gevolg van baie navorsingswerk.

Dit het egter spoedig geblyk dat die fasiliteite by Daspoort hopeloos ontoereikend vir die behoeftes van die land was. Die boere is in die reël oortuig van die nut en die noodsaaklikheid van die wetenskaplike navorsing.

ONDERSTEPSPOORT.

IN Maart 1907 het die Verantwoordelike Regering die Administrasie van Transvaal as Kroonkolonie vervang. Generaal Louis Botha is as die eerste Eerste Minister van Transvaal, asook die eerste Minister van Landbou benoem. Hy het onmiddellik die oprigting van 'n nuwe veeartsenykundige navorsinginstituut ondersteun en tydens die eerste sitting van die Wetgewende Vergadering is 'n bedrag van £40,000 gestem. Dit was nie maklik om 'n perseel uit te soek nie maar uiteindelik is daar besluit om op die plaas Onderstepoort, omtrent agt myl noord van Pretoria, die instituut op te rig.

Die plaas Onderstepoort is in die eerste instansie gekies op grond van die sentrale ligging daarvan en die nabyheid aan Pretoria, die hoofstad van Transvaal. Die laboratorium was in die onmiddellike nabyheid van die Departement van Landbou en die Regering van die Kolonie. Dit is

ook met spoorweë verbind aan Delagoabaai, Pietersburg, Rustenburg, via Germiston met Natal, via Johannesburg met Potchefstroom en die Kaapse grens en deur 'n direkte spoorlyn met die Oranje Rivier Koloniegrens by die Vaalrivier. Die spoorweghalte by die laboratorium maak dit moontlik om die diere in kwarantyn spoedig by Onderstepoort te kry. Telefonies was Onderstepoort dan ook direk verbind met Johannesburg en die hele Rand sowel as die dorpe Pietersburg, Klerksdorp, Potchefstroom en Zeerust. 'n Bouterrein ten suide van Pretoria sou in sekere opsigte verkieslik gewees het maar klimaatsomstandighede moes in ag geneem word en die fasiliteite vir die bestudering van siektes van die laeveld kan nie op die hoëveld verkry word nie. Omdat Onderstepoort op die rand van die bosveld lê, is dit warmer as in Pretoria en terselfdertyd gesond vir mense. Dus is Onderstepoort nie alleen geografies maar ook klimaties sentraal geleë. Verder moes in ag geneem word dat die diere gevoer moet word. Die noodsaaklikheid van weiding en lande vir die kweek van voer, het verhoed dat die laboratorium in Pretoria self opgerig is. Vyfhonderd-en-twaalf akker van die plaas Onderstepoort is toe gekoop en sestig akker is besproei deur 'n voor vanuit die Apiesrivier wat langs die oostelike grens vloei. 'n Verdere 1770 akker van dieselfde plaas verder noord is onder huurkontrak geneem.

Mnr. Charles Murray, die Sekretaris van Publieke Werke, het die werk in die hande van mnr. Eagle, die hoofargitek, geplaas. Deur sy versigtige beplanning en die baie goeie werk van sy personeel staan die gebou, wat nou as die hoofgebou bekend staan, vandag nog daar. In 1908 is die gebou as 'n perfekte moderne laboratorium geag.

Die plaas was die vry erfpag van mnr. Cornelius Erasmus en onder nege-en-negentig jaar huurkontrak aan mnr. E. P. A. Meintjies verhuur. Hierdie twee here het dit as 'n diens geag om die plaas aan die Regering te verkoop teen die bedrag waarvoor die laas waardeer was.

Toe die instituut in 1908 geopen is, het dit vir baie mense geblyk dat die geboue onnodig ruim was, maar twee jaar later, met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, moes al vier provinsies bedien word en binne 'n kort tyd was die akkommodasie hopeloos ontoereikend.

Die personeel van die Veeartsenykundige Bakteriologiese Afdeling het bestaan uit dr. Arnold Theiler, Regerings Veeartsenykundige Bakterioloog; dr. James Walker en dr. Walter Frei, Assistent Regerings Veeartsenykundige Bakterioloog; dr. Lewis Henry Gough, Dierkundige; dr. Karl Friedrich Meyer, Patoloog; mnr. E. B. H. Parkes, Superintendent; vyf klerke, sewe leek-assistente en sewe ander amptenare. Die Veeartsenykundige Afdeling (vir aansteeklike siektes) het bestaan uit negentien veeartse wat as staatsveeartse opgetree het en oor die hele Transvaal versprei was.

DIE GEBOUE.

DIE hoofgebou is in die Kaaps-Hollandse styl beplan en opgerig. Daarin is verskeie laboratoria, 'n lesingsaal, 'n fotografiekamer, 'n serum-

laboratorium, 'n post-mortemsaal en 'n operasiesaal. Daar is ook voorsiening gemaak vir 'n laboratorium vir studente. Gas sowel as warm en koue water is voorsien. Verder was stalle opgerig wat 'n binneplaas ingesluit het asook hokke vir varke en honde, en krale vir beeste en perde. Hierdie gehoue bestaan vandag nog.

Teen 1913 is die eerste gebou, wat nie oorspronklik beplan is nie, opgerig. Dit heet die Administrasiegebou. In die jaar 1917 is die post-mortemsaal tussen bloekombome 'n entjie ten noorde van die binneplaas verskuif en in 1923 is 'n nuwe Patologie-gebou opgerig waarin daar lesingsale vir studente is. In 1920 is die Fakulteit vir Veeartsenykunde reeds by die Instituut op Onderstepoort ingestel. In 1921 is dit nodig geag om 'n Chemie-laboratorium op te rig. Ook in 1923 is die X-straalapparaat in 'n klein gebou opgestel op dieselfde grond waarop die Snykunde-gebou opgerig is. Laasgenoemde word later bekend as die Hospitaal. Die vinnige vooruitgang van die Instituut word bewys deur die noodsaaklikheid van die oprigting van meer geboue. In die buiteland getuig hierdie groei, en meegaande publisiteit en publikasies van fenomenale kennis en die naam „Onderstepoort” word beroemd deur die hele wêreld. Tot hoe 'n mate dit beroemd was, en nog is, word goed geïllustreer deur 'n Amerikaner wat nie gewet het waar Pretoria geleë is nie, maar toe val dit hom by dat „Pretoria is a small town near Onderstepoort!”

Die „Empire Marketing Board” het £10,000 geskenk om 'n biblioteek op Onderstepoort op te rig. Die Biblioteek is gedurende 1932 voltooi en voorsiening is gemaak vir uitbreiding.

Daar is met 6 hoenderhokke begin om van 800 na 1,000 eiers per dag te voorsien vir virusnavorsing. Ook is observasies gemaak in verband met oorerflikheid.

Agt-en-twintig jaar gelede, dit wil sê in 1934, is die Wolnavorsingsgebou opgerig en in 1940 is die gebou vergroot met fondse wat deur die Wolraad verskaf is. Later is hierdie werk verskuif na Grootfontein en die Wolgebou gebruik vir produksie van entstowwe.

Vroeg in 1939 is die Vleisnavorsingslaboratorium voltooi wat onder andere van die modernste verkoelingsinstallasies bevat.

Onlangs is die behoefte vir 'n ruim gebou vir navorsingwerk op virusse en bereiding van entstof voorsien toe die nuwe Virusgebou opgerig is.

Omtrent vyf jaar gelede is die nuwe Fakulteitsgeboue in gebruik geneem. Die kapasiteit van al die laboratoria is dertig studente in elke studiejaar, 'n syfer wat bepaal is nadat daar vroeër nie meer as vyftien per studiejaar gekies is nie.

PERSOONLIKHEDE.

EEN van die vroegste assistente van dr. Arnold Theiler was dr. K. F. Meyer. Hy het op Daspoort begin en goeie werk gelewer tot drie jaar na die verhuising na Onderstepoort. Amerika kry dan die voordeel van sy talente waar hy 'n briljante loopbaan gehad het as hoof van die

„Williams-Hooper Foundation for Medical Research” in San Francisco. Dr. Meyer het nie te lank gelede afgetree op die ouderdom van 70 jaar.

Die eerste Velmintoloog op Onderstepoort was dr. F. Veglia. Hy het in 1911 aangekom en in 1928 teruggekeer na Italië. Dr. Veglia was blykbaar nog onlangs aktief op sy wynplaas.

In 1910 kom dr. W. H. Andrews by Onderstepoort aan en verlaat weer die Instituut in 1923. Later word hy die direkteur van die Veeartsenykundige Laboratorium te Weybridge, Engeland.

In die jaar 1912 verskyn die eerste entomoloog in die persoon van mnr. G. A. H. Bedford. Mnr. Bedford het baanbrekerswerk gedoen op die gebied van sistematiese entomologie.

In die jaar 1912 aanvaar ook dr. P. R. Viljoen sy dienste op Onderstepoort en word in 1932 die Onder-Sekretaris van Landbou, later Sekretaris en toe Hoë Kommissaris van Suid-Afrika in Kanada en Australië.

Dr. E. M. Robinson aanvaar 'n pos op Onderstepoort in 1913 en lewer baie goeie werk oor 'n lang tydperk en tree af in 1959. Hy stel dus 'n rekord op vir die langste diens.

Die eerste biochemikus wat op Onderstepoort aangestel is, was dr. H. H. Green in 1914. Sy bydrae tot die navorsing van die belangrike rol wat minerale in veeartsenykunde speel, was aansienlik.

Die Eerste Wêreldoorlog bring mee die verlies van 'n deel van die personeel en geen vooruitsig vir nuwe werkkragte nie. Eers 'n ruk na die oorlog is die personeelposisie verbeter. Dr. P. J. J. Fourie is een van die na-oorlogse rekrute. Hy was 'n beursstudent en het sy waarde getoon terwyl hy in die diens van Veeartsenykunde gewerk het. Dit is maar in die afgelope paar jaar dat dr. Fourie se gesig nie meer op Onderstepoort gesien word nie.


Mnr. T. Meyer het diens aanvaar as die eerste fotograaf en het lank op sy pos gebly. Mnr. W. F. Averre het reeds by Daspoort in die diens getree. Sy aftrede het omtrent twaalf jaar gelede plaasgevind.

Van die Veeartsenykundiges wat nog in die tuig staan, is sir Arnold Theiler se dogter, dr. Gertrud Theiler, wat 'n deskundige is op die gebied van die sistematisering van bosluise.

Dr. W. O. Neitz het alreeds baie belangrike werk gelewer in verband met die oordraging van protosoïese siektes, sy uitvinding dat sweetsiekte deur die bosluis oorgedra word en sy jare van navorsing wat uiteindelik tot sukses gelei het om 'n teenmiddel te vind vir Ooskuskoors.

In 1947 het prof. Quinlon afgetree na baie jare as professor in chirurgie, maar hy was nie tevrede om stil te sit nie en het toe begin werk op die gebied van reproduksie-wanordes en kunsmatige inseminasie. Vandag word gereelde kursusse aangebied vir diegene wat opgelei wil word op hierdie gebied.

Die afdeling toksikologie is deur sir Arnold Theiler begin en vir baie jare verder gevoer deur dr. D. G. Steyn met sy navorsing op die effek van



DIE EERSTE DRIE DIREKTEURE VAN ONDERSTEPSPOORT

v.l.n.r: sir Arnold Theiler, dr. P. J. du Toit en dr. G. de Kock

gifplante op diere. Sy opvolger, dr. T. F. Adelaar, is reeds lank besig met hierdie vak.

Navorsing op virusse is begin deur sir Arnold Theiler maar eintlik is dit sy opvolgers en veral dr. R. A. Alexander, wat die vak uitgebrei het. Dr. Alexander is telkemale opgeroep na die buiteland om probleme in verband met virusse op te los. Onder andere het dr. Alexander na Amerika gegaan om 'n epidemie van bloutong daar te bestudeer en hulp aan te bied.

Daar is talle ander maar te veel om op te noem.

DIE DIREKTEURE.

SIR ARNOLD THEILER word genoem die „vader van veeartsenykunde in Suid-Afrika”. Ons het gesien dat hy in die Republikeinse dae reeds die voortou geneem het in veeartsenykunde en dit volgehou het tot sy aftrede in 1927. Dit is onmoontlik om hier al sy prestasies te noem. Laat dit genoeg wees om sy toekennings te noem wat oorvolle bewys is vir die indruk wat hy hier en in die buiteland gemaak het met sy energieke toewyding aan die probleme wat in die veeartsenykunde opgestapel het.

- (a) Laveron Goue Medalje toegeken deur die Société de la Pathologie Exotique, Parys, in 1927.
- (b) Universiteit van Utrecht Medalje, 1934.
- (c) Budapest Goue Medalje toegeken deur die Internasionale Veeartsenykundige Kongres in 1934.
- (d) Chevalier de l'Orde de la Couronne de Belgique, 1912.
- (e) K.C.M.G., Knight Commander of the Order of Saint Michael and Saint George, 1914.
- (f) Silwer Jubileum Medalje, 1935.
- (g) Senior Kaptein Scott Medalje toegeken deur die Suid-Afrikaanse Biologiese Vereniging, 1918.
- (h) Goue Medalje van die Royal Agricultural Society, Engeland, 1934.

Sir Arnold Theiler sterf in 1936. Vandag rus sy asse onder sy standbeeld voor die hoofgebou op Onderstepoort.

Dr. P. J. du Toit — een van ons Genootskap se geëerde lede — het sir Arnold Theiler in 1927 as Direkteur van die Afdeling Veeartsenydiens en Veeteelt opgevolg. Nie baie lank daarna nie word die benaming verander na Direkteur van die Afdeling van Veeartsenydiens. In sy een-en-twintig jaar as Direkteur het dr. du Toit 'n baie groot taak verrig en sy bydrae tot die geskiedenis van Onderstepoort kan volumes beslaan. Veral moet in ag geneem word dat uitbreiding van 'n aansienlike aard plaasgevind het op Onderstepoort. Na sy aftrede in 1948 het dr. Du Toit 'n leidende rol gespeel op die gebied van die wetenskap as geheel in Suid-Afrika sowel as in die buiteland. Hy is ook tans lid van die Historiese Monumentekommisssie.

Die regterhand van dr. Du Toit, dr. G. de Kock, volg hom op as Direkteur vir 'n jaar en nege maande. Dr. de Kock se bydrae beslaan ook boekdele.

Op tragiese wyse is die veelbelowende dr. J. I. Quin die geleentheid ontse om te wys waartoe hy in staat was, toe hy skielik oorlede is. Hy was maar drie maande Direkteur. As fisioloog het hy veel bygedra tot die wetenskap.

In 1950 word dr. Alexander Direkteur en op sy beurt is hy onlangs deur dr. B. C. Jansen opgevolg. Soos reeds gesê het hy die virusseksie gebring tot waar dit vandag is.

Die lede van die teenswoordige personeel is nou besig om die geskiedenis van Onderstepoort verder te skryf en mens kan seker wees dat daar met mening vooruit gegaan word.

C. C. F. WHITCOMB.

Besoek Aan Die Nederlandse Opelugmuseum Te Arnhem, Nederland

(Toespraak namens mnr. Coetzee voorgelees op 'n Algemene Jaarvergadering van die Genootskap op 21 November 1961.)

DIE museum is net buite die stad Arnhem in 'n pragtige boom- en waterryke park geleë. Die doel van die opelugmuseum is om die beskawingsgeskiedenis van die Nederlandse plattelandse- en boerebevolking uit te beeld soos bv. hul huisbou, kleredrag, huisraad, plaasgereedskap ens. Die Museum ontvang finansiële steun van die Nederlandse regering en 'n klein toegangsfooi is betaalbaar.

Vanaf die ontstaan van die museum is gepoog om manne van aansien en betekenis in die wetenskap te betrek, soos bv. dr. Jan Kalf, prof. van der Steur, dr. Schrijnen en baie ander, en hierdeur kon die beheerraad van die Museum sistematies te werk gaan om die Museum al hoe meer te ontwikkel tot 'n werklike middelpunt van kennis met betrekking tot die Vaderlandse Volkskunde en die ryke versamelings van Volkskundige stukke is bewys daarvan. Deurgaans is gepoog wat betref uitleg, padbou, huisbou, beplanting ens. om soveel as moontlik die oorspronklike omgewing weer te gee. Dienspunte soos administratiewe kantore, biblioteek, ververingslokale, werkplekke ens. is aan die rand van die perseel geleë, terwyl die werklike uitstallings opgestel is in die binnekompleks van die perseel.

Die geskiedenis van die uitstallings wortel in die verlede en het as huisbedrywe ontstaan en gedurende die 16de en 17de eeu tot bloei gekom en in die 19de eeu, as gevolg van nuwe uitvindings en meganisasie in verval geraak. Soos ons weet word die uitvinding van geskepte papier aan die Sjinese toegeskryf (1ste eeu na Christus) en is dit na Persië, Arabië, Spanje en daarvandaan na Italië en Frankryk oorgedra en in ongeveer 1600 deur geloof-vervolgde Hugenote na Nederland oorgebring. Die eerste papierfabriek het op die Veluwe ontstaan waar die vervaardiging van wit papier tot groot bloei gekom het. In die museum het ek dan ook die laaste oorblywende meul gesien. Dit is nog in 'n werkende toestand en ek het 'n paar velle wat in my teenwoordigheid gemaak is, en ook dié wat die oorspronklike watermerke toon, vir die Drukkunsmuseum van die Staatsbiblioteek saamgebring. So ook tref ons die oorspronklike toestelle vir die vervaardiging van bier (nl. 'n Bierbrouwerij), en van olie (olieslagery waarby olie verkry word uit lyn-, raap- en koolsaad) in die museum aan. Die sogenaamde Grutterij, wat in 1770 te Wormerveer ontstaan het, is in 1933 na die museum oorgebring. Vir my was die benaming „Grutterij” ietwat vreemd, maar die Direkteur het verduidelik dat dit 'n meul is wat die piramiedvormige bokwiet skoonmaak en die wit kern tot „grut” of klein stukgies breek soos ons hier mielies breek om mielerys te verkry. Die meul

is ook toegerus om fyn gruttemeel te maak. Die laaste oorblywende wassery en blekery is ook te sien, asook baie ander toestelle van plattelandse bedrywe, soos bv. „de touwslagerij”, houtskoolbrandery, kuipery, klompenmakery en ’n outydse bakkery.

Op die plattegrond binne die perseel is daar ’n Twentse „loshoes” (loshuis), ’n boerehuis uit Staphorst, ’n Achterhoekse „lohoes”, ’n boereherberg, ’n koringmeul en ’n Limburgse hoewe.

In ’n afsonderlike groot waenhuis is ’n uitstalling van dorps- en plattelandse voertuie soos sleë, hondekarre, miskarre, hooiwaens en baie ander soorte waens en karre uit verskillende streke en tydperke en ook is daar in ’n afsonderlike gebou ’n kleredrag uitstalling.

Die aktiwiteite van die museum behels die hele kompleks van die Nederlandse volkskultuur, leefwyse en alle kultuurvoorwerpe daaraan verbonde. So word byvoorbeeld ook geneeskundige plante en ’n „kruietuin” ingesluit, wat in vroeër tye gebruik is om medisyne daaruit te vervaardig. Alle voorwerpe word in die dialek van die streek waar dit vandaan kom, beskryf.

P. F. COETZEE.

Aantekening.

„*Het Rijksmuseum voor Volkenkunde, Het Nederlandsche Openluchtmuseum*,” te Arnhem waaroor mnr. P. F. Coetzee, die Direkteur van die Staatsbiblioteek, so onderhoudend skrywe na aanleiding van sy besoek, het in September sy vyftigjarige bestaan herdenk. In Arnhem was daar ’n tentoonstelling „Het platteland thuis” wat tot 1 November geduur het en waar veral kleredragte uitgestal is terwyl in die Zaanse buurt van die Arnhemse opelugmuseum „50 jaar Openluchtmuseum 1912-1962” te sien was.

Die „Nederlandse Post” van Julie 1962 het die volgende berig onder die opskrif „*Openluchtmuseum 50 jaar*” geplaas:—

„Het Openluchtmuseum te Arnhem bestaat vijftig jaar. Het werd in 1912 opgericht door de veelzijdige gepensioneerde artillerie-officier Frédéric Adolph Hoefler, naar Scandinavisch voorbeeld. Hoefler was ook de stichter van het Nederlands Legermuseum, oorspronkelijk in kasteel Doorwerth, nu in het Pesthuis te Leiden en zijn naam dragend.

„Het museum had geruime tijd met een ernstig geldgebrek te kampen, totdat het in 1942 door het Rijk werd overgenomen. Tijdens de vijandelikheden in 1944 werd grote schade aangericht, die echter inmiddels hersteld is. Onder de huidige directeur, prof. dr. A. J. Bernet Kempers, breidt het museum zich steeds uit, en bezit het thans o.a. boerderijen van allerlei types (een Twents „Los Hoes” was in de beginjaren afgebrand toen een fotograaf met magnesium een binnenopname wilde maken), vele molens, een Zaanse straat, en prachtige collecties meubilair en klederdrachten. In 1961 trok het Openluchtmuseum 350,000 bezoekers (voor de oorlog nooit meer dan 20,000)”.

Die Genootskap Oud-Pretoria beywer hom nou al geruime tyd vir die totstandkoming van 'n opelugmuseum in Pretoria en het tans alle rede om te glo dat dit nie meer lank sal duur voordat alle struikelblokke uit die weg geruim is en Pretoria hom sal verheug in die besit van so'n uiters waardevolle en nuttige besienswaardigheid. Nie alleen uit opvoedkundige oogpunt nie maar ook in die belang van die bevordering van die toeristebedryf — vgl. die hoë jaarlikse aantal besoekers aan buitelandse opelugmuseums — sal die uiteindelijke totstandkoming van ons plaaslike opelugmuseum op 'n gunstig-geleë terrein êrens op die plaas Groenkloof, vir Pretoria van buitengewone geestelike en materiële betekenis wees. (Die Redakteur).

Die Sangvereniging „Hollandsch Mannenkoor”

BY geleentheid van die hoeksteenlegging van die nuwe plaaslike kunsmuseum, 'n buitengewoon belangrike gebeurtenis in die kulturele lewe van die Hoofstad, het burgemeester E. Smit, aldus „Die Transvaler” van 20.10.1962, 'n paar belangrike feite aangaande die plaaslike kunslewe beklemtoon.

Een van hulle was dat die grondslae van die Pretoriase kunslewe in die dae van die „Zuid-Afrikaansche Republiek” gelê is. Op die gebied van die toonkuns het die spr. o.m. na die gade van staatspresident T. F. Burgers en dr. W. J. Leyds verwys. Ook het hy die belangrikheid van die musikale kring ten huise van dr. G. A. A. Middelberg terloops genoem, 'n belangrike middelpunt in die laat-negentiende Pretoria soos reeds in die verlede o.m. deur H. M. Rex in sy bydrae „Musiekaande bij die familie Middelberg” in „Pretoriana” (nrs. 26 en 27) aangetoon is.

In „De Volksstem” van 29.4.1905 kom, met betrekking tot 'n sangvereniging, besonderhede voor wat reeds gedeeltelik in die vergeetboek geraak het en ongetwyfeld die moeite werd is om weer 'n slag onder die aandag van die lesers gebring te word.

Hierdie vereniging was die sangvereniging „Hollandsch Mannenkoor”, m.a.w. van 'n georganiseerde groep met sy eie direkteur en bestuur, 'n vereniging wat sowel uit 'n kunssinige as uit 'n sosiale oogpunt beskou, ook sy deel tot die lê van die grondslae van die kunslewe in die outydse Pretoria, bygedra het.

Die vereniging het sy ontstaan te danke aan „De Hollandsche Klub”, 'n geselligheidsvereniging of „sociëteit” wat onder voorsitterskap van mnr. C. May op 14.3.1895 opgerig is. Omdat die lede van die Klub reeds

betreklik gou daarna beseef het dat die klublede met 'n bepaalde doel bymekaar moes kom, is op 25.4.1895 die „Hollandsch Mannenkor” in die lewe geroep met mnr. G. H. Maas as eerste voorsitter en mnr. Dirk Balfort as eerste direkteur. Volgens dieselfde verslag het die koor sy eerste uitvoering op die verjaarsdag van koningin Wilhelmina van die Nederlande (31.8.1895) gegee terwyl daar later in die jaar nog 'n gesellige byeenkoms gevolg het.

Mnr. Maas is weens vertrek na elders op 1.1.1896 deur mnr. J. A. Schallies (—28.4.1898) opgevolg. Op 27.11.1896 en 30.4.1897 het weer opvoerings gevolg, terwyl die opvoerings van die kantate „De Haringvisschers” op 29.1.1898 sowel volgens „De Volksstem” van 31.1.1898 as „The Press” van dieselfde dag, 'n groot sukses was. Volgens die eersgenoemde artikel in „De Volksstem” het die eerste opvoering van „De Haringvisschers” reeds op 3.8.1897 plaasgevind. Die woorde van hierdie digwerk was afkomstig van Willem Josephus van Zeggelen (1811—1879) 'n bewonderaar van die Nederlandse digter Hendrik Tollens; die musiek van die reeds genoemde D. Balfort, 'n Nederlandse komponis, sanger en personeellid van „De Volksstem Maatschappij”, wat tydens die Anglo-Boere-oorlog aan die Gesantskap van die „Zuid-Afrikaansche Republiek” in Brussel verbonde was. Uit „De Volksstem” van 29.1.1898 blyk dit dat die opvoering van „De Haringvisschers” in die genoemde maand in elk geval die tweede was. In die Engelse uitgawe van „The Press” van 31.1.1898 is o.m. verklaar dat die koor homself gelukkig kon prys „in drawing such a representative audience” in die „President Theater”. Al die afgevaardigdes van die O.V.S. wat in verband met die federale konferensie in die Transvaalse hoofstad vertoef het, was onder die gehoor en is vergesel deur staatsprokureur Gregorowski, mnr. J. P. Schutte, adv. Reitz en die Ondersekretaris van Buitelandse Sake, mnr. Cornelis van Boeschoten.

Ter ere van die gaste van die bevriende buurstaat het 'n orkes die Vrystaatse Volkslied gespeel en daarna onder leiding van mnr. M. de Groot, 'n onderwyser van die „Staatsmodelschool”, die mars, „nocturne en caprice” van A. E. Matt vertolk. Balfort se „Haringvisschers” was die hoogtepunt van die program. Dit was, soos uit die kolomme van „The Press” afgelei kan word, 'n romanties-dramatiese werk waarvan die gedig „the trials of Dutch herringfishers braving the angry seas in the struggle for existence” uitgebeeld het. Lof is sowel aan die komponis as aan die soliste H. W. Casteleins en J. H. A. van Wakeren toegeswaai.

Na die pouse het 'n toneelstuk, „Een anonieme briefwisseling”, gevolg, waarin mev. D. Balfort, mnr. H. J. L. Th. Roorda en die gade van die opkomende jong joernalis Frederik Rompel, gespeel het. Uit „De Volksstem” van dieselfde dag weet ons dat die heer Van Wakeren „Het liedje van mooi Aafke” gesing het waarvan 'n deel van die oorspronklike musiektuk in die handskrif van D. Balfort hier vir die eerste keer afgedruk word. Aan die uitgebreide, gevarieerde program is ook deur mnr. Knoll, mev. Van Trotsenburg, mnr. Reepmaker van Belle, maj. Susan en mnr.

T. van Noort meegewerk.

Van Balfort is in dieselfde verslag getuig dat hy tot nou toe baie Nederlandse liedere op musiek gesit het en dat die wyse waarop hulle ontvang is, bewys het „dat hij de aangewezen man is om ook onze Afrikaanse gedichten op muziek te zetten”.

Op 28 April 1898 het mnr. W. H. Nijenes die heer Schallies opgevolg en dit was veral aan die inisiatief van mev. Schallies te danke dat die koor op 13.5.1898 met 'n pragtige vaandel vereer is. Die heer Riphagen het aan hierdie pragtige geskenk 'n passende vaandelkas toegevoeg.

In dié verband kan miskien die vraag gestel word wat van die vaandel geword het in die loop van die jare. Lê dit dalk nog êrens in Pretoria?

By geleentheid van die oorhandiging van die vaandel is die „Banierzang Hollansch Mannenkoor” ten gehore gebring. Die melodie is ons nie bekend nie, maar die woorde luis soos volg:

Mannen, laat ons feestlied klinken,
Bij 't aanschouwen der Banier,
Die ons door haar frissche kleuren
Oproept tot des zangers lier.
Deez' Banier zij ons ten teeken,
Hoe wij voorwaarts moeten gaan,
Eensgezind en vol van ijver,
Dan blijft „Mannenkoor” bestaan.

Immers wijden w'onze krachten,
Haar ter eere, aan den zang.
't Zij ons streven, laat ons trachten
Saam te werken jarenlang.
Door naar 't edel doel te streven,
Zingend eierend Hollands taal,
Zie de Vaan ons sterker binden,
Dan een band van 't hechtste staal.

Laten wij in onzen feestzang
Haar gedenken, die ter eer
Van ons streven, van ons werken,
Ons vereerden deez' Banier.
Nimmer moede, nimmer weiflend,
Houden wij de Vaan ons voor,
Manlijk streven, eensgezindheid,
Blijf' de leus van „Mannenkoor”.

Soos uit die verstrekte gegewens blyk, het die koor met ander verenigings saamgewerk om afwisselende programme te kan aanbied. Dit blyk ook uit 'n beskrywing soos in „De Volksstem” van 15.2.1896 oor 'n aand in die „President Theater”. 'n Orkes het o.m. die Transvaalse Volkslied gespeel en „Transvalers ontwaakt” is vervolgens deur mnr. Sixma voorgedra.

"Mooi Aafje"
W. J. van Zeggelen.

D. Balfoort.
uit Op. 27

Musical score for "Mooi Aafje" by W. J. van Zeggelen, composed by D. Balfoort. The score is in 3/4 time and consists of a vocal line and a piano accompaniment. The lyrics are in Dutch.

Maai Aaf-je zat er te brei-en aan
va- ders ha- ring- net. Ze wás- te tus- schen- bot- en, Naar- mocht van 'werk niet
schet- en; Ze was op zaak ge- zel. Ze zag wel eens haar 'u- ver- kant, Waar Do- schel- ma- de
ree- den, Die aan- zoek deed om Aaf- je's hand, Daar zelt- de heen en we- der. Hij
stog haar vol der- tron- ven- ga; Zoo rijk als hij niet een. Maar Kreep hij al van
va- der- na! Mooi Aaf- je schud- de. Neen.

Dynamic markings: *mf*, *allegro*, *al tempo*, *f*, *D.C.*, *3^{de} vers.*

de on-der, door ring a-pen Naar Aaf-je drei-de voort, Hij zou geen blaau-ge los-jest, maar
maagel zyn raat lach koo-jen, Eer hij snerk naaar hoord. Daar stond, en jeyd, en ty wyg-jed
zu hent trouw zou zwo-veg. Dat deed ze en? was hem ge-nog. Hoe spa tij etnis zou hou-ren. Nu
voor hij naar Ba-la-u-a, En de ou-de was ic arden. Hij verant van Bo-chel-jou zyn. Je Naar
Aaf-je gaf uur. Neen!

4de vers.
jaar en dag wie le-ven, Hoe hart ver-ten-gend zwal, Hoe lief-der vrouw hem vie-jen, Hoe

Daarna het 'n kwartet bestaande uit D. Balfort, K. Sixma, J. C. D. di Gazar en J. G. Kreyenbroek die „Avondlied” van Verhulst gesing. Volgens het die Duitse dubbele kwartet aan die beurt gekom. Ander deelnemers aan hierdie suksesvolle aand was die here Amorison, Luttig en Landgraf.

Die saal van die skouburg was met groen en vlae versier en onder die

Wangst' zich mocht voor diepen, Eerst moest zijn bui' del vol. Naar eind'lyk kwam Jans.

Ja pik wien, En zij had woord ge-hou-en. Nij vond Mooi Aaf-je van wel-ger, En

drong mi aan op trou-wen. En vader had geen hart was steet, Dat zag Jan Jopik dan. In

nu de roe-der wriffl zijn schoet, De stuur-man kuul zijn ge! Tot sneller.

Fin.

aanwesiges is opgemerk: kommandant-generaal P. J. Joubert, mnr. G. A. A. Middelberg, dr. E. J. P. Jorissen, dr. Schagen van Leeuwen, byna al die offisiere van die Staatsartillerie, die konsul-generaal van die Nederlande, die konsuls van Frankryk en Duitsland en die konsul van die Kongo. Die saal was uitstekend beset en die inkomste van die aand is oorgedra aan die fonds wat die oprigting beoog het van 'n monument ter nagedagtenis „aan de in de jongste troebelen gevallen burgers”, m.a.w. ter nagedagtenis aan dié burgers wat tydens die krygsverrigtings teen dr. Jameson se invallers, om die lewe gekom het.

In April 1899 het die koor 'n groot verlies gely deurdad direkteur Balfoord na Europa afgereis het („De Volksstem”, 17.4.1899). Sy opvolger was die reeds genoemde M. de Groot.

Die oorlog het die werksaamhede van die koor ontwrig. In Augustus 1900 was daar nog slegs sewe lede op Pretoria aanwesig en eers drie jaar later kon weer 'n poging aangewend word om die vereniging weer tot dade te laat oorgaan.

Weer is die voorsitterstoel deur mnr. Nijenes ingeneem wat op 17 September van dieselfde jaar deur die bekende Hendrik Visscher opgevolg is. Op 29.2.1904 het Visscher bedank en het mnr. H. van Bommel die voorsitterskap oorgeneem.

Volgens „De Volksstem” van 29 April 1905 het die koor op die genoemde datum nog oor 33 werkende en 134 kunstiewende lede, 12 donateurs en erelid Joh. Riphagen beskik. Direkteur was in daardie dae J. J. de Visser en in 1905 het die lede in die „Kafee Royal” geoefen.

Die feestelike byeenkoms in verband met die tiende verjaarsdag van die „Hollandsch Mannenkoor” is in die voormalige „President Theater”, in 1905 bekend as die „Empress Theatre” of „Reck's Theatre” gehou. Gelukwense van verwante verenigings van Nederlanders en oud-Nederlanders soos die skermvereniging „De Vrije Wapenbroeders” en die „Nederlandsche Vereeniging” (met sewe verenigings wat daarby aangesluit was) is aan die jubilerende vereniging oorgebring en sprekers soos mnre. Joh. Riphagen, M. P. A. Barendsen en dr. Lingbeek, het die woord gevoer.

Die sangvereniging „Apollo” het die musikale gedeelte van die program met 'n spesiale feesmars geopen (woorde G. H. Maas, melodie F. Klauer, instrumentasie W. van Oosten). Hierdie koor is met koperinstrumente deur die fanfarekorps van die „Christelike Jongelieden Vereeniging” begelei.

Die lede van die jubilerende koor het die volgende nommers ten gehore gebring: „Mijne Moedertaal”, „Des Heeren Huis”, „Zondag op het meer”, „Altniederländisches Lied” en die Nederlandse Volkslied.

Die vyftiende verjaarsdag van die koor is op 25.4.1910 in die bekende Operahuis in Pretoriusstraat herdenk. G. H. Maas Snr. was, aldus die verslag in „De Volksstem” van 3.5.1910, voorsitter, terwyl mnr. P. van den Burg en mev. J. Bal-Van Lier die koor gelei het na mnr. J. J. de Visser. Tydens die feesaand in die Operahuis was mnr. Pierre de Beer direkteur.

Belangstellende lesers kan meer besonderhede oor hierdie feesaand en dié wat in verband met die jubileum daarop gevolg het, in die reeds genoemde uitgawe van „De Volksstem” nagaan.

Vermoedelik het die koor in 1911 'n aandeel gehad in die ontvangs en die daaropvolgende onthaal van 'n gedeelte van die bemanning van die Nederlandse oorlogskip „De Zeven Provinciën” wat die Transvaalse hoofstad in Januarie van hierdie jaar besoek het. In dié rigting dui die „Feest Zang” met woorde van G. H. Maas Snr. en musiek van George Kunoth waarvan tot hede slegs die woorde tot ons gekom het.

* * *

Tot hede was die samesteller nie in staat om die geskiedenis van hierdie Pretoriase koor uit die dae van weleer verder na te gaan nie. Tog hoop hy dat bogenoemde gegewens belangstellende stadsgenote mag aanspoor

om meer gegewens in dié verband op te spoor en te publiseer. Daeliks raak meer en meer gegewens verlore of in die vergeetboek. Dit is betreurenswaardig omdat ons stad tog ook soos ander stede in ons land, op die gebied van kuns sy verlede het, soos burgemeester Smit tereg opgemerk het.

— DR. JAN PLOEGER.

Nota: Die samesteller dank die grootste deel van sy gegewens aan mnr. D. J. Balfoord, 'n seun van die genoemde eerste direkteur van die „Hollandsch Mannenkoor” en die rederykerskamer „Onze Taal”. Van mnr. B. is ook die fragment in handskrif van „Mooi Aafje” afkomstig.—J.P.

The Union Buildings on Meintjeskop

ERECTED on Meintjeskop in the area known as Arcadia, one of Pretoria's first and prettiest suburbs, this magnificent piece of architectural beauty brings to mind not only the memory of the master designer, but all the people of days gone by that were connected with the history of Pretoria and South Africa. Let us go back to the beginning and follow the times and events that led to the forming of the Union and the erection of the Buildings.

Meintjeskop forms part of the farm Elandspoort, part of which became the property of Commandant-General M. W. Pretorius, the founder of Pretoria and the first President of the South African Republic.

Andries Francois du Toit, a wandering tradesman, purchased a one-third portion of the eastern half of Elandspoort — that portion of the farm around the present Union Buildings — from one of the inheritors of the estate of J. Gerrit S. Bronkhorst, the original owner of the farm. After Du Toit had visited the new township for the first time in 1856, he returned in 1857 and settled in Pretoria. He became Pretoria's first Landdrost in May of the same year and also started to re-survey Pretoria. In 1853 M. W. Pretorius had bought a portion of the farm Daspoort, the farm Nooitgedacht — lying westward — and almost the whole of the western half of the farm Elandspoort for the purpose of establishing the new township. It should be clearly noted that M. W. Pretorius only bought that portion of Elandspoort lying on the western side of the Apies River and that he never owned land on the eastern side of the Apies River. Du Toit then bought or bartered a portion of ground, bounded by the Apies River and Du Toit Street, from the owner, M. W. Pretorius. He built his home on the western bank of the Apies River, near the

„Leeuwdrift”, later called the Mill Drift. At the same time he named the area bounded by the Apies River and Du Toit Street, *Arcadia* after a scenic part of Greece which he remembered from his Stellenbosch days when he wanted to study for the ministry, although it is also recorded that he named this place after the family farm in the Cape. Later the name *Arcadia* was extended to a portion of Elandsport on the eastern side of the Apies River.

Mr. Du Toit died in Middelburg on the 15th August 1883 after he had been farming in the district for almost twenty years. He lies buried in the Middelburg cemetery.

Du Toit sold his portion of Elandsport on the western and eastern banks of the Apies River to Stephanus Meintjes, the first Registrar of Deeds, on the 7th April 1865, the purchase price being R2400.00. The Meintjes family lived in the residence that was originally built by Du Toit for himself on the western bank of the Apies River and opposite the mill on the southern side of Church Street. Because of the mill near the “Leeuwdrift”, it later became known as the “Mill Drift” and in 1887 the Lion Bridge was built at the same spot.

The property was later inherited by his son, Edward (E.P.A.) Meintjes, after whom Edward Street was named. He was a member of the old Republican Volksraad. Edward built a home below the koppie — since 1870 already known as Meintjeskop — for his wife, but she died before it was completed. From this union the parents were blessed with a daughter, Beatrix, after whom Beatrix Street was named. Eddie Meintjes married again and went to live in his new home “Vrede”. The house still stands at the very top end of Vermeulen Street, near the Union Buildings and is occupied by the Department of Horticulture. In 1889 it is recorded that E. P. A. Meintjes owned the ground towards the kop, bordered by Hamilton Street, Church and Beckett Streets. The property was rented to Mr. Paul Nel and then later became the property of Mr. Ziervogel. Two streets in the vicinity of the kop are named after these two people. It is of interest to record that General J. B. M. HERTZOG lived at Vrede when he became Minister of Justice at the time of Union in 1910.

After the Anglo-Boer War Mr. Meintjes re-purchased the homestead and part of the property facing Church Street. At the time of his eldest daughter's marriage, the building of the monument to Union was agreed on, and on seeing the plans Mr. Meintjes suggested the kop as the most suitable site, and his daughter Beatrix remembers well the many important people including Sir Johannes van Boeschoten and Lord Selborne that inspected the site, and the many discussions that took place to decide if the building was to stand on her father's estate or the site originally mentioned in front of the Pretoria Club in the city centre. The architects joined in the battle of words, but thanks to Mr. H. C. HULL who was enchanted with all he saw, the vision of yester-year became a reality of today. A further site considered was Muckleneuk Hill, but this was passed over

because it was north facing and did not fit in with the architect's plans.

HERBERT BAKER the architect, first came into this wonderful idea of Union when he built the Parktown (Johannesburg) residence of Mr. Richard Feetham, who together with others thought out the original plan of joining the four Provinces of South Africa into a UNION. Mr. Feetham named his residence MOOT HOUSE from the old English word "Witena Gemot" — an assembly of wise men, MOOT from MOT, meeting or assembly.

From this beginning to the Union Convention held in Durban on the 12th October 1908 to the Union Constitution being agreed upon by Great Britain on the 7th September 1909.

Union was pronounced by Royal Proclamation given at the Court of Sandringham on the 2nd December 1909, the union of four provinces measuring 472,000 square miles, The Union of South Africa. King EDWARD presented South Africa with the table, the inkstand and pen he used when signing the documents. The commission giving the royal assent engrossed on vellum and bearing the King's signature is preserved in the Union's Archives.

Speculation about the exact position of the Union Buildings, says a newspaper report has been finally set at rest by the completion of the purchase of what is known as ZIERVOGEL Estate and the appearance of a small army of workers on the hillside of MEINTJESKOP. The rumours that the Government were acquiring ground for educational purposes have given way before the certainty that Meintjeskop is destined to be the site of something even more important than a South African University.

It was decided by the Government not to hold a public competition for the design of the building to be erected from surplus funds of the Transvaal Province to symbolize the ACT OF UNION, but entrusted the whole job to HERBERT BAKER on the 10th January, 1910.

Twenty tenders were received in March 1910 for the erection of part of the new building, tenders ranged from £294,750 to £430,000 for each of the two wings. The successful tenderers being PRENTICE and MACKIE for the Amphitheatre and a Hollander builder, CARELA MEISCHKE, the two wings (Meischke also erected The Post Office and the City Hall in Johannesburg). The corner stone was laid on the 26th November, 1910, by H.R.H. THE DUKE OF CONNAUGHT.

The building took four years to complete and cost £1,310,640, and an extra £350,000 for the laying out of the grounds. Built of Balmoral, Steenpan and Platpan stone, the wood used was Rhodesian Kiaat, Mahogany, Indian Kiaat and Stinkwood. The bronze pottery work was executed by FANIE ELOFF, the statue of Atlas on one of the domes, done by BROADBENT and that of Mercury on the other dome was done by NESS. The length of the building from edge to edge is 900 feet, the wings 300 feet each, and the amphitheatre 300 feet. The height from the street to the top of Atlas is 180 feet, 500 feet above Church Square and

4,900 feet above sea-level.

14 million bricks as well as 500,000 cubic feet of stone, 20,000 cubic feet of granite and 40,000 bags of cement were used. The contractor's material for the job cost £50,000 and it took 465 Europeans and 800 Native labourers to complete the job.

The gardens, like those of the Governor General's residence (now the residence of the President) was left to the care of HERBERT BAKER. The gardens, the pride of Pretoria holds the Statue of the first Prime Minister of the Union of South Africa, executed by another Pretorian, the sculptor COERT STEYNBERG, the statue was unveiled in 1946. Situated in the gardens, is a replica of the Delville Wood Memorial, two males holding hands over a charger, representing the brotherhood, the bond of English and Afrikaans speaking people, the Pretoria Philidelphia.

Lord Gladstone was the first Governor General of the new Union, the first Parliament sitting took place on the 31st May, 1910, first Union Speaker was Mr. James Molteno and the first Union Cabinet was represented by General Louis Botha, J. C. Smuts, H. C. Hull, J. B. M. Hertzog, A. Fischer, Sir F. Moor, F. S. Malan, J. W. Sauer, H. Burton, D. P. de Villiers, D. R. C. O'Grady Gubbins. The first Administrator was Mr. Johann Rissik, an uncle of our Treasurer, Mr. Gerard Rissik.

Union Coat of Arms Motto "EX UNITATE VIRES" — Unity is Strength, a worthy motto, taken from the history of ANDRIES PRETORIUS, after whom Pretoria was named and who first used this motto at the battle of Blood River.

REFERENCES:

Pretoriana; Pretoria (1855-1955), History of the City of Pretoria; Pretoria, One Hundred Years; Vulliamy, C. E.: Outlanders; Beerman, R.: Official Guide to the Transvaal, 1955; Nienaber, P. J.: Manne van Betekeenis; The Star; Printed pamphlet on construction of the Union Buildings; Mr. H. M. Rex for information regarding the original area of Arcadia; Mrs. H. P. van Hees (born Beatrix Meintjes) for the interesting information of the early days.

— T. E. ANDREWS.

HISTORIESE BESIENSWAARDIGHEDE IN EN RONDOM PRETORIA, II.

(*Vervolg van Nr. 34, Des. 1960*).

MET die uitsondering van die Capitol-bioskoop en die Hoofposkantoor, dateer al die orige geboue aan die westekant van Kerkplein nog uit die einde van die vorige eeu. Aan die suidwestekant staan die vroeëre

Nederlandse Bank-gebou, „Law Chambers” en „Café Riche”. Dit sal egter nie meer baie lank duur voordat al die geboue aan daardie kant van die Plein gesloop word om plek te maak vir die oprigting van die oorblywende gedeelte van die nuwe Provinsiale Gebou.

DIE NEDERLANDSE BANK.

OORSPRONKLIK was hierdie skilderagtige gebou bestem om die „Nederlandse Bank en Kredietvereniging voor Zuid-Afrika in gemeenschap met de Maatschappij voor Ontploffbare Stoffen”, te huisves. Later en tot vroeg in die vyftiger jare het dit bekend gestaan as die Nederlandse Bank-gebou. Die gebou met sy kenmerkende baksteenkleur en trapgeweltjies is tussen Augustus 1896 en November 1897 opgerig. Dit is ontwerp deur De Zwaan, ’n Nederlandse argitek wat destyds opgang begin maak het en verantwoordelik was vir ’n hele aantal Pretoriase geboue. Die voorgewel vertoon Hollandse en Vlaamse Renaissance-motiewe. Die boukoste het ongeveer R36,000 beloop.

„LAW CHAMBERS”.

NA sy oprigting het die gebou die „Transvaal Mortgage & Loan & Finance Company” gehuisves en eers heel later het dit die naam „Law Chambers” gekry. Die hoeksteen is op 23 Junie 1890 deur kommandant-generaal Piet Joubert gelê. Die dood van die jeugdige Engelsprekende argitek voor die voltooiing van die gebou, het destyds prominensie in die koerante verkry.

CAFÉ RICHE.

AFGESIEN van die argitektuur van die hoekgebou, spring die versierings op die hoek van die gebou veral in die oog, nl. die geboetseerde uil bo-op die hoek en daaronder die reliefbeeld met die byskrif „Commerce”. Dit word vertel dat die beeldhouwerk deur Anton van Wouw gedoen is en dus een van sy vroegste beeldhouwerke in die Republiek genoem kan word.

HOOFPOSKANTOOR.

WAAR die gebou van die Hoofposkantoor tans staan, is Pretoria se eerste Pos- en Telegraafkantoor in 1887 opgerig, ontwerp deur Leslie Simmonds. Voor 1887 is die poskantoor agtereenvolgens in verskillende geboue gehuisves. In 1887 het die nuwe pos- en telegraafkantoor die land-drosgebou vervang wat vanaf 1874 op dieselfde terrein in die sg. Austin-winkelgebou gehuisves was. Henry Austin was een van die eerste winkeliers wat hom op Pretoria kom vestig het, aanvanklik in diens van die Durbanse firma „Evans & Churchill”. Die hoekerf, Nr. 322 (vroeër Nr. 321), het hulle kort ná die stigting van Pretoria van J. F. Schutte gekoop. Schutte, ouderling van die Ned. Herv. Gemeente van Pretoria-Philadelphia (Elands-

poort) en later, in 1863—1864, landdros van Pretoria, was die eerste eienaar van Erf Nr. 321 (tans Nr. 322). Hy was die persoon wat toesig moes hou oor die aanleg van die kerkplaas Magaliesberg (Rustenburg), 1850—54, en van die kerkplaas Elandspoort (Pretoria), 1854—55. Die huidige hoofskantoor is van meer resente datum.

NASIONALE BANK EN MUNTGEBOU.

GEDURENDE die tagtiger jare het dr. W. J. Leyds, die Staatsekretaris, vir 'n tydlang op Erf Nr. 321 (vroeër Nr. 320), langs die hoofposkantoor, gewoon. In 1891 het dr. Leyds hierdie woonhuis van hom, wat intussen as die Kimberley Hotel bekend gestaan het, aan die Nasionale Bank verkoop wat dit voorlopig laat herbou het. Die huidige gebou, ontwerp deur De Zwaan & Van Dyk in die Franse Renaissance-boustyl, is in Mei 1893 ingewy en die Nasionale Bank en Muntgebou was dus vanaf 1893 op daardie perseel gehuisves. Vandag word die historiese gebou deur die Hoofposkantoor gebruik.

BANK VAN AFRIKA.

DIE hoekgebou, die laaste gebou aan die noordwestekant van die Plein, is oorspronklik opgerig vir die Bank van Afrika; later is dit vir ander doeleindes gebruik. Die gebou vertoon interessante stylkenmerke wat destyds in Pretoria toegepas is. (Word vervolg.)

— H. M. REX.

Pretoria At The Time Of Unification

Pretoria Ten Tye Van Uniewording

(Toespraak gehou op 'n Algemene Vergadering van die Genootskap Oud-Pretoria, Dinsdag, 7 Junie 1960)

TOE ek nou Saterdag die kennisgewing van hierdie vergadering ontvang het, sien ek dat ek vanaand albei landstale gaan gebruik, en as goeie lid moet ek natuurlik gehoorsaam wees. Maar dit het my laat dink aan toen en tans wat betref Afrikaans.

In 1910 het Afrikaans as letterkundige medium al ver gevorder, maar op skool het ek nooit Afrikaans geleer nie, en ek onthou dat my vader nooit Afrikaans as 'n geskikte voertaal in kerk- en amptelike sake beskou het nie. Onder ons makkers kon ons „die Taal” lekker gooi maar plegtige

geleentheid het nog „Ik ben” en „Wij zyn” gevegr. Generaal Botha bv. kon nooit, wat ons vandag as suiwer Afrikaans beskou, praat nie.

Vir jare na Unie was dit vir my maklik om met pasverskynde Afrikaanse lektuur by te hou. Ek het selfs die vermetelheid gehad om ’n paar versies vir die „Volksstem” te skryf wat wel in druk verskyn het! Maar vandag word daar so’n massa Afrikaanse leesstof gepubliseer dat ek lankal tou opgegooi het. Graag sou ek die redes vir, en die betekenis van hierdie verbasende ontwikkeling verder bespreek maar ek dwaal alreeds te ver af van „Pretoria ten tye van Uniewording.”

Ek het Pretoria vir die eerste keer in 1904 gesien en daarna in 1909, maar eers in 1910 is my vader as die eerste Provinsiale Sekretaris aangestel, en alhoewel die familie nie dadelik hierheen verhuis het nie, beskou ek Pretoria as my tuiste vanaf vroeg in daardie jaar. Om 8.15 vm. op Saterdag 19 Februarie 1910, het ek hier aangekom en in kamer 16, Prospect Huis, Schoemanstraat 313, ingetrek. Dit was die voormalige Ebenhaëzer Skool op die hoek van Van der Walt- en Schoemanstraat, wat as manstehuis vir die T.U.K., wat destyds kort vantevore gestig is, gedien het — daar waar die deftige kantore van die Buro vir Sensus en Statistiek vandag staan.

Sover ek kan onthou was daar alles te same in die T.U.K. omtrent 90 studente, waarvan die groot meerderheid mans was. Die Damestehuis was Kya Rosa wat vandag nog daar in Schoemanstraat staan, slegs ’n honderd tree vanaf Prospect Huis, maar waar die damesstudente tot so’n mate onder die waaksame oog en strenge dissipline van die huismoeder, mej. Acutt, verkeer het, dat hulle amper so goed as in ’n klooster kon gewees het!

Lesings is op die eerste verdieping van die Gymnasium Skool gehou, op die hoek van Koch- (tans Bosman-) en Proesstraat, waar die openingsrede deur generaal Smuts op Maandag, 21 Februarie 1910 gehou is. Die terrein en geboue moes ons met honderde skoolkinders deel.

Jammer dat ek nie iets kon vertel omtrent daardie eerste dosente wat ek later so goed as kollegas en vriende leer ken het. Daar was Alfred Croom Paterson, wat meer as enige ander man gedoen het om die fondament van die toekomstige Universiteit van Pretoria behoorlik te lê; H. Reinink, ’n opvoedkundige uit die Republikeinse dae; Tom le Roux en Daantje Malherbe (albei nog in ons midde); Leo Fouché, Louis de Villiers, John Purves, P. G. Gundry, H. A. Wager, G. Besselaar en die eksentrieke Deen, A. H. T. Muller.

On Muller alone I could spend the whole of the ten minutes allotted to me — brilliant mathematician, hermit and weather prophet, but quite unable to control a class. But there are so many memories of those days that all I can do is to give you little odds and ends from what is left of the diary I then kept.

On 22 February, 1910, I went to Berea Park to watch M.C.C. vs. Transvaal. Zulch and Stricker put on 215 for the first wicket and at the close of play Transvaal had 371 for 3 — Zulch 176 not out, Stricker 101, le Roux 68 not out. As that was a Tuesday I suppose I ought to have been



ADV. A. A. ROBERTS

at lectures, but what a wonderful day. Unfortunately rain washed out play the next day.

On Wednesday, 3rd August, 1910, I attended the laying of the foundation stone of the Arts Block, the beginning of the new T.U.C. Buildings in Brooklyn, out on the bare veld. The remains of the foundations of the bungalows of an old military camp were still to be seen not far to the east with one or two houses beyond.

The extraordinary thing is that Union Day seems to have evoked so little reaction in my diary. I find under 4 November 1910: "The Parliament of the Union was officially opened today and the special issue of the 2½d. stamp appeared," illustrated by a copy of the stamp. But the next evening was much more exciting:

"5.11.1910. Some science students celebrated Guy Fawkes in the hostel with red phosphorus and potassium chlorate. Herman Kuschke and Arthur Letters were removed to hospital. I. Steinberg was also cut about the legs." All three made a speedy recovery but I illustrated my record with a piece of jacket which had been blown off Letters' body.

"26.11.1910. Went to the foundation stone laying of Union Buildings and in the evening to town to see decorations and illuminations."

"1.6.1911. Cycled down to showgrounds and after standing for about 40 minutes on a fencing pole had my first view of an aeroplane — not very spectacular — perhaps $\frac{1}{4}$ mile about 4' up" — I presume it should have been "about 40' up".

"20.12.12. A faint earthquake shock—the most severe for many years." I remember this dislodged some ornaments in our home — I was then living with my parents in Walker Street at the top of Devenish Street, but after 50 years I find it difficult to remember details where I have not got contemporaneous notes.

When I came to Pretoria in 1910 there were still horse-drawn trams

on the streets which were not tarred. Beautiful clear water ran in furrows from the Fountains to the Zoo—Fountains which supplied the town with 6 million gallons a day, hard to wash in but I have never tasted better drinking water. In that same year electric trams replaced the old horse-trams but horse-drawn cabs predominated for quite a long time afterwards.

Incidentally the fare for both cabs and taxis was 1/- a mile, and the cost of water was from 10/- to a maximum of £3 per quarter for dwellings and £1 p.a. for each 7000 square feet of garden.

It was a lovely old dorp and I still think nostalgically of the unspoiled beauty of Fountains Valley, of the peaceful homely atmosphere, and of the charming picnic spots we so frequently visited where today there are rows of houses and macadamized streets.

A band used to play on Wednesday evenings in Burger's Park and Church Square was adorned with Sammy Marks' Fountain in the middle and the oaks and the curious building known as the "Coffin" in the south-western corner.

That it was bare ground without tar I remember only too well. I used to cycle across the north-east corner to lectures, and coming back one afternoon with a case of books in my hand, I was caught in a heavy shower which converted the surface of the Square into the equivalent of wet ice. The cab rank was opposite me fortunately, and I returned with my bicycle in a cab to Prospect House, considerably the worse for wear.

We students had to provide our own amusements and sports facilities without help from the college authorities. We hired a rather homely tennis court from the Cullingworths at the corner of Skinner and van der Walt Streets — it was from their stoep that the news of the day was signalled with a mirror to the British officers in the Model School opposite, during the Anglo Boer War. We later hired a cramped little court in the Lillienfeld's back yard in Park Lane on the north of Burger's Park. With hardly enough players for one rugby team we doubled parts and played both rugby and soccer; the former on the stonestrewn Berea ground, and the latter against Military teams at Roberts Heights (now Voortrekkerhoogte). I supplemented my sporting activities by joining a delightful tennis club on what is now a rosegarden in Burgers Park, and by playing cricket for the Union Club on the Caledonian Grounds.

Out student meetings were held in the north wing of the adjoining Model School.

The population of Pretoria at that time was about 35,000 Europeans and 20,000 non-Europeans, and the total valuation of all the property in "greater Pretoria" was £9,757,096 — I suppose it is at least 15 times as great now. Erven in Park Street, west of the sports ground, were valued at from £550 to £600.

It might interest you to hear a description of Pretoria as it then was from one of the official publications:

"Pretoria is on the whole not yet an impressive city . . . small and

humble dwellings and small and even dingy shops, rear their fronts on even the better streets. There was little systematic tree planting in the old dorp no well-conceived town planning to harmonize the architecture of the place. Much that detracts is accordingly met at every turn; streets that lack balance; streets that are miles long, but in height seldom rise above the second story . . . no stately avenues, as in Stellenbosch or Kenilworth, no acres of consistently beautiful grounds, as in Parktown. But suburbs such as Arcadia and Sunnyside, though somewhat new and straggling, contain many charming residences . . . Its natural environment and its developing prospects are such that in a few years it will be second to no South African city, not perhaps in point of size, but in architectural beauty. But to describe it as already a fine city of imposing streets, splendid suburbs, and a general floral magnificence is to be either a literary libertine — or a prophet.”

— A. A. ROBERTS.

OLD PRETORIA SOCIETY

ANNUAL REPORT, 1962

I HAVE pleasure in submitting the Society's annual report. Your Society has renewed its efforts to help bring about the establishment of a national open-air museum and has reaffirmed its co-operation with the Transvaal Museum to achieve this great objective. We have tried to enlist the support of all the parliamentary and provincial representatives of the Pretoria district. Your Chairman was recently a member of a delegation that was given a sympathetic hearing by the Deputy Minister of Education, Arts and Science on this subject. It is hoped that a decade of persuasion will soon give way to a decade of action. The Government is to consider the project when the budget for 1963/1964 is drawn up.

The case of the Bras Pereira House, another entrenched annual, has been carried a step further and with the support of the City Council, your Society undertook the house's demolition a few weeks ago. Sets of architects' plans (and photographs) were prepared some time ago. The material is to be stored on the erf pending the establishment of the Open Air Museum and your Committee is pleased to be able to report a satisfactory discharge of this part of its stewardship.

Matters of general interest, some of which attained a level of public controversy e.g. town planning, with special reference to Church Square and impending developments in the Groenkloof area, were considered by the Committee. A special general meeting was convened on the eve of the municipal elections at which the Society's spokesman voiced apprehension

at certain features of the city's planning scheme, notably the mooted excavation beneath Church Square to provide for a large parking garage. The Mayor then in office, Councillor Janse van Vuuren, gave a detailed explanation of some of the features of the plan. (Since printed *in extenso* in PRETORIANA). Candidates for the election and members of the Society took part in the ensuing discussion. Several of the Society's members have joined the "Pretoria Forum" that has been created to throw its weight into the scale to bring about improvements in the appearance of Church Square and we are confident that the "Pretoria Forum" will pay full heed to historical considerations. Your Committee, with some dissenting opinions, decided to refrain from entering an already rather crowded arena on the Groenkloof issue but has affirmed that it would be opposed to any alienation of land within the historic Fountains Valley area with the exception, of course, of the portion already assigned to our Society for the establishment of an Open Air Museum.

The fruits of the Committee's work may be seen in the following instances:—

- (i) The Railways Administration erected a handsome bilingual plaque at the entrance to Pretoria station giving a brief history of the present building — designed by Sir Herbert Baker.
- (ii) The City Council agreed that the remaining arches of the old Harmony Street Railway Bridge should be preserved.
- (iii) The City Council has undertaken to name a new street after S. Wierda, one-time Head of the old Republican Department of Public Works, as soon as a suitable opportunity offers.
- (iv) Dr. Ploeger's history of "OVER-VAAL", the Administrator's residence, is nearing completion and has earned the praise of independent reviewers.

Matters referred to competent authority on which a final decision is awaited include the preservation of the remains of West Fort and Wonderboom Fort and the Wierda Bridge at Six Mile Spruit. The Railway Administration has been asked to name the new railway bridge over Harmony Street the "ELANDSPOORT BRIDGE" and the S.A.B.C. has been requested to include more cultural items from the Netherlands in its programmes.

The School Gardens competition, 1961, was won by the Rachel de Beer School, Pretoria North, in competition with ten other primary schools; the school retained the shield that it had won in 1959. In view of the dry weather it was decided to hold the 1962 competition early in December.

Since the report for the previous year was made two editions of PRETORIANA have appeared and it is hoped that our slender bank balance can be stretched sufficiently to finance another issue in December.

A careful check of the Society's membership list resulted in several

names being deleted — persons who had resigned or were several years in arrear with their subscriptions despite periodical reminders. There has therefore been a slight decrease in membership, partially offset by the enrolment of new members. The Society now has some 225 life and ordinary members.

I wish to thank all members of the Committee for their support during an exacting year.

The retiring Executive is:

Chairman: Dr. G. W. Eybers.

Vice-Chairman: Mr. Norman Eaton.

Treasurer: Mr. G. Rissik.

Editor: Mr. H. M. Rex.

Archivist: Dr. N. A. Coetzee.

Secretary: Mr. A. M. Davey.

Assistant Secretary and Business Manager: Mr. T. E. Andrews.

Members: Dr. W. Punt, Dr. T. S. van Rooyen, Dr. J. J. N. Cloete and Mr. J. F. Preller.

G. W. EYBERS, *Chairman.*

November, 1962.

GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

JAARVERSLAG, 1962

DIT is vir my 'n genoë om die jaarverslag van die Genootskap aan u voor te lê.

Die Genootskap het sy pogings vir die daarstelling van 'n nasionale opelugmuseum voortgesit en het sy samewerking met die Transvaalse Museum om hierdie belangrike doel te bereik, herbevestig. Ons het gepoog om die ondersteuning van al die parlementêre en provinsiale verteenwoordigers van die distrik Pretoria te bekom. U voorsitter was een van die lede van 'n onlangse afvaardiging wat in hierdie verband simpatiek deur die Adjunk-minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap ontvang is. Die hoop word gekoester dat die dekade van oortuigingswerk binnekort sal plek maak vir 'n dekade van daadwerklike optrede. Die Regering sal die projek oorweeg wanneer die begroting vir 1963/1964 opgestel word.

Die geval van die Bras Pereira-huis, 'n bekende jaarlikse item, is 'n stap verder gevoer en met die ondersteuning van die Stadsraad het die Genootskap 'n paar weke gelede die sloping van die huis onderneem. Stelle boukundige planne (en foto's) is 'n tyd gelede voorberei. Die boumateriaal sal op die erf bewaar word tot tyd en wyl die Opelugmuseum opgerig word

en dis vir die Komitee aangenaam om te rapporteer dat hierdie deel van sy rentmeesterskap op bevredigende wyse nagekom is.

Sake van algemene belang, sommige waarvan openbare geskilpunte geword het, is deur die komitee oorweeg, bv. Stadsbeplanning met spesiale verwysing na Kerkplein en hangende ontwikkelings in die Groenkloofgebied. Op die vooraand van die munisipale verkiesing is 'n spesiale algemene vergadering belê. By dié geleentheid het die woordvoerder van die Genootskap sy misnoë uitgespreek oor sekere aspekte van die stad se beplanningskema, veral oor die beoogde uitgrawing van Kerkplein om vir 'n groot parkeergarage voorsiening te maak. Die destydse Burgemeester, raadslid Janse van Vuuren, het besonderhede van sommige aspekte van die plan verduidelik (Sedertdien *in extenso* in PRETORIANA gedruk). Kandidate vir die verkiesing en lede van die Genootskap het aan die daaropvolgende bespreking deelgeneem. Verskeie lede van die Genootskap het by die „Pretoria Forum” aangesluit, wat so pas in die lewe geroep is met die doel om verbeterings in die voorkoms van Kerkplein te probeer bewerkstellig. Ons is daarvan oortuig dat die „Pretoria Forum” historiese oorwegings deeglik in ag sal neem. Alhoewel sommige lede daarteen gekant was, het die komitee besluit om nie aan die lewendige openbare debatte oor die toesegging van grond in Groenkloof deel te neem nie, maar nietemin bevestig dat hy die vervreemding van grond binne die historiese Fonteinvlei sou teenstaan, met die uitsondering natuurlik, van dié gedeelte wat aan die Genootskap toegewys is vir die Opelugmuseum.

Die komitee se werk het in volgende gevalle positiewe resultate gelewer:

- (i) Die Spoorwegadministrasie het 'n mooi tweetalige gedenkplaat by die ingang van die Pretoriase stasie opgerig waarop 'n kort geskiedenis van die huidige gebou aangegee is. Die gebou is deur sir Herbert Baker ontwerp.
- (ii) Die Stadsraad het ingestem dat die oorblywende boë van die ou spoorwegbrug te Harmoniestraat behou sal word.
- (iii) Die Stadsraad het onderneem om 'n nuwe straat na S. Wierda, voormalige Hoof van die ou Republikeinse Departement van Publieke Werke, te vernoem sodra 'n gepaste geleentheid hom voordoet.
- (iv) Dr. Ploeger se geskiedenis van „OVER-VAAL”, die woning van die Administrateur, nader voltooiing en het reeds gunstige opmerkings van onafhanklike resensente uitgelok.

Sake wat na die betrokke instansies verwys is en waaroor die finale beslissing afgewag word, sluit in die bewaring van die oorblywende gedeeltes van Wesfort en Wonderboomfort en van die Wierdabrug by Sesmylspruit. Die Spoorwegadministrasie is versoek om die nuwe spoorwegbrug te Harmoniestraat die „Elandspoortbrug” te noem en die S.A.U.K. is gevra om

ruimer voorsiening vir Nederlandse kulturele items in sy programme te maak.

Die Rachel de Beerskool, Pretoria-Noord, het met tien ander laerskole aan die Skooltuinekompetiese, 1961, deelgeneem en die trofee behou wat dit in 1959 verower het. Vanweë die droë weer is daar besluit om die kompetisie vir 1962 vroeg in Desember te reël.

Sedert die verslag vir die vorige jaar het twee uitgawes van PRETORIANA verskyn. Ons vertrou dat ons karige bankbalans 'n verdere uitgawe gedurende Desember moontlik sal maak.

Nadat die ledelys noukeurig nagegaan is, is verskeie name geskraap— persone wat bedank het of ten spyte van periodieke aanmanings, etlike jare met hul intekengeld agterstallig was. Daar is dus 'n klein vermindering in die ledetal, maar daarvoor is gedeeltelik opgemaak deur die werwing van nuwe lede. Die Genootskap bestaan tans uit sowat 225 gewone en lewenslange lede.

Ek wil graag my waardering uitspreek aan alle lede van die komitee vir hul ondersteuning gedurende 'n veeleisende jaar.

Die aftredende Bestuur bestaan uit:—

Voorsitter: Dr. G. W. Eybers.

Onder-voorsitter: Mnr. Norman Eaton.

Penningmeester: Mnr. G. Rissik.

Redakteur: Mnr. H. M. Rex.

Argivaris: Dr. N. A. Coetzee.

Sekretaris: Mnr. A. M. Davey.

Assistent-sekretaris en Sakebestuurder: Mnr. T. E. Andrews.

Lede: Drr. W. Punt, T. S. van Rooyen, J. J. N. Cloete en mnr. J. F. Preller.

G. W. EYBERS, *Voorsitter.*

November 1962.

New Opportunities for Research in the Transvaal Archives

The Public Service Commission has recommended that the reading-room of the Transvaal Archives remain open to research workers after normal office hours on one afternoon per week — possibly on Thursdays from 4 p.m. to 7 p.m. This will be most welcome news to those whose working hours more or less coincide with the Public Service. It has been a frustrating experience for those wishing to refer to original records and yet finding themselves virtually debarred from it by hours of attendance

unsuited to most people in business and to civil servants who do not work in the Archives organisation itself. The concession is to be an experiment to test the response. If you are interested in exploring features of Pretoria's past, you should make full use of the opportunity. As a rewarding experience, research has few equals.

Anyone unacquainted with the holdings of the Archives might be inclined to say: "Is there anything worthwhile that can still be said about Pretoria's past?" There is — a great deal. In the Archives there are quantities of sources that have hardly been tapped, e.g. the records of the Landdrost under the Z.A.R.; of the "Rust en Orde" organisation, 1899–1900; of the Military Governor, 1900–1902; of the City Council before 1930, as well as numerous private papers, publications, theses, maps and photographs. And please do not forget to submit the results of your research, whether short or long, to the Editor of "Pretoriana"!

A. M. DAVEY.

Inhoud / Contents

DR. W. PUNT: (*G. Rissik*), *Penningmeester van die Genootskap Oud-Pretoria en President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank.*

"THE STAR": *Rissik worked his way up from humble posts.*

PROF. DR. F. J. DU TOIT SPIES: *Uit die briewe van Arnold Theiler, VI.*

DR. AUSTIN ROBERTS: *Sir Arnold Theiler.*

MNR. C. C. F. WHITCOMB: *Die geskiedenis van die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut op Onderstepoort.*

MNR. P. F. COETZEE: *Besoek aan die Nederlandse Opelugmuseum te Arnhem, Nederland.*

DR. JAN PLOEGER: *Die Sangvereniging „Hollandsch Mannenkoor”.*

MR. T. E. ANDREWS: *The Union Buildings on Meintjeskop.*

MNR. H. M. REX: *Historiese Besienswaardighede in en rondom Pretoria, II.*

ADV. A. A. ROBERTS: *Pretoria at the time of Unification/Pretoria ten tye van Uniewording.*

DR. G. W. EYBERS: *Annual Report/Jaarverslag, 1962.*

MR. A. M. DAVEY: *New opportunities for research in the Transvaal Archives.*

Genootskap Oud-Pretoria

(Gestig: 22 Maart 1948)

Ons doel: Om te waak oor die
geskiedenis van ons stad en
distrik.

Association Old Pretoria

(Founded: 22 March, 1948)

Our aim: To preserve the past for
the future of our city and
district.

BESTUUR:

EXECUTIVE COMMITTEE:

Ere-President — DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA — *Honorary President*

THE MAYOR OF PRETORIA.

Voorsitter — DR. G. W. EYBERS — *Chairman*.

Ondervoorsitter — DR. T. S. VAN ROOYEN — *Vice-Chairman*.

Penningmeester — Mnr. /Mr. G. RISSIK — *Treasurer*.

Sekretaris (Waarnemend) — Mnr./Mr. A. M. DAVEY — *Secretary (Acting)*.

Hulpsekretaris en Sakebestuurder / Assistant Secretary and Business Manager

Mnr./Mr. T. E. ANDREWS.

Redakteur — Mnr./Mr. H. M. REX — *Editor*.

Argivaris — DR. N. A. COETZEE — *Archivist*.

Lede — DR. W. PUNT — *Members*.

DR. J. J. N. CLOETE,

Mnr./Mr. J. H. MIENIE,

Mnr./Mr. A. M. DAVEY,

Mnr./Mr. F. J. WEPENER.

Verteenwoordiger van die Stadsraad / Representative of the City Council:

Mnr./Mr. E. SMIT.

Burgemeester / Mayor.

Bydraes moet asb. gestuur word aan: Die Redakteur „Pretoriana”, Frans Oerder-
straat 107, Groenkloof, Pretoria.

Contributions to be sent to: The Editor “Pretoriana”, 107 Frans Oerder Street.
Groenkloof, Pretoria.